# SKOOLVOORLIGTING IN NEDERLAND

# EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE RSA

deur

ALMERO KOK

Skripsie goedgekeur vir gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

Departement

Voorligting en Ortopedagogiek

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

Studieleier : Prof. H.B. Kruger
Hulpstudieleier : Prof. H.J. Steyn

Potchefstroom
November 1989

"Ek wil die hoogste Heer
met blye roemtaal eer,
my Redder en Bewaker.
In nederige staat
wou Hy my nie verlaat,
my God en Saligmaker."

Skrifberyming 1 : 1

DANKBETUIGINGS

Hiermee betuig ek my opregte dank aan almal wat 'n aandeel in hierdie studie gehad het.

My besondere dank en waardering aan:

My studieleier, Prof. H.B. Kruger, onder wie se bekwame leiding die studie onderneem is, asook my hulpstudieleier, Prof. H.J. Steyn;

My ouers, mnr en mev Kok, wat die besoek aan Nederland moontlik gemaak het, en almal wat met die ondersoek behulpsaam was;

My vrou, Illasha, mev Visser en Suzann vir die tikwerk;

Mev Venter vir die taalversorging;

Illasha, Rümando en Rizanné vir aanmoediging, belangstelling en verdraagsaamheid.

A. Kok

November 1989

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1 : PROBLEEMSTELLING, DOEL VAN NAVORSING, METODOLOGIE EN VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Probleemstelling | 3 |
| 1.3 | Doel van navorsing | 4 |
| 1.4 | Metodologie | 5 |
| 1.4.1 | Metode van ondersoek | 5 |
| 1.4.2 | Afbakening van die gebied en stratifisering | 5 |
| 1.4.3 | Persoonlike onderhoude | 6 |
| 1.5 | Die struktuur van die verslag | 6 |
| 1.6 | Samevatting | 7 |


## HOOFSTUK 2 : DIE NEDERLANDSE ONDERWYSKUNDIGE STRUKTUUR


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Inleiding | 8 |
| 2.2 | Begripsverheldering | 8 |
| 2.2.1 | Omskrywing van begrippe | 8 |
| 2.2.2 | Lys van afkortings | 11 |
| 2.3 | Ontwikkeling na die invoering van die Mammoetwet | 12 |
| 2.4 | Onderwys in Nederland | 15 |
| 2.4.1 | Deurstroming | 15 |
| 2.4.2 | Buitengewone of spesiale onderwys | 17 |
| 2.4.3 | Basisonderwys | 20 |
| 2.4.4 | Die brugjaar of brugperiode | 23 |

2.4.5 Voortgesette onderwys 24
2.4.5.1 Algemene voortgesette onderwys 26
2.4.5.1.1 Laer algemene voortgesette onderwys 27
2.4.5.1.2 Middelbare algemene voortgesette onderwys 28
2.4.5.1.3 Hoër algemene voortgesette onderwys 29
2.4.5.2 Voorbereidende wetenskaplike onderwys 31
2.4.5.3 Beroepsonderwys 32
2.4.5.3.1 Laer beroepsonderwys 32
2.4.5.3.2 Middelbare beroepsonderwys 32
2.4.5.3.3 Hoër beroepsonderwys 34
2.4.5.4 Ander vorme van voortgesette onderwys 35
2.4.6 Die onderwyskundige struktuur in Nederland 37
2.5 Samevatting 37

HOOFSTUK 3 : SISTEMATIESE BESKRYWING VAN SKOOLVOORLIGTING IN NEDERLAND

3.1 Inleiding 39
3.2 Begripsverheldering 39
3.3 Voorligting vanuit die onderwys 41
3.3.1 Die onderwys se benadering tot skoolvoorligting 41
3.3.2 Voorligting as vorm van leerlingbegeleiding 42
3.3.3 Voorligting op primêre vlak (Basisskool) 43
3.3.4 Voorligting op sekondêre vlak (Voortgesette onderwys) 44
3.3.5 Voorligting ten opsigte van beroepsonderwys 47
3.3.6 Die Skooldekanaat 48

| | | |
|---|---|---|
| 3.3.6.1 | Die ontstaan van die Skooldekanaat | 48 |
| 3.3.6.2 | Beheer en organisasie van skooldekane | 49 |
| 3.3.6.3 | Opleiding van skooldekane | 51 |
| 3.3.6.4 | Die taak van die skooldekaan | 52 |
| 3.3.6.5 | Die aard en inhoud van programme | 54 |
| 3.4 | Verskillende voorligtingsdienste in Nederland | 55 |
| 3.4.1 | Die "Gewestelijke Arbeidsburo's" (GAB) | 55 |
| 3.4.2 | Besondere Beroepskeuseburo's | 56 |
| 3.4.3 | Skoolbegeleidingsdienste | 57 |
| 3.4.4 | Ander voorligtingsdienste | 58 |
| 3.4.4.1 | "Gemeentelijke" of plaaslike beroepskeuseburo's | 58 |
| 3.4.4.2 | Privaat Psigologiese Institute | 58 |
| 3.5 | Samevatting | 59 |

HOOFSTUK 4 : DIE SKOOLVOORLIGTINGSTELSEL IN DIE RSA

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 60 |
| 4.2 | Skoolvoorligting : 'n Breë perspektief | 60 |
| 4.2.1 | Die uitkenning, plasing en groepering van leerlinge | 61 |
| 4.2.2 | Voorligting | 61 |
| 4.3 | Die opvoedkundige hulpdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement | 62 |
| 4.3.1 | Onderwyshulpsentra van die Transvaalse Onderwysdepartement | 63 |
| 4.3.2 | Kinderleidingklinieke van die Transvaalse Onderwysdepartement | 64 |

LYS VAN DIAGRAMME


| | | |
|---|---|---|
| Diagram 1 : | Die Mammoetwet en die ontwikkeling tot op hede | 14 |
| Diagram 2 : | Algemene Voortgesette Onderwys en Beroepsonderwys met die verskillende deurstromingsmoontlikhede | 26 |
| Diagram 3 : | Praktiese voorbeeld van Algemene Voortgesette Onderwys : Ichthus-College, Veenendaal | 30 |
| Diagram 4 : | Die Onderwyskundige struktuur in Nederland | 36 |
| Diagram 5 : | Die Opvoedkundige Leidingsprogram in Primêre Skole | 67 |
| Diagram 6 : | Die Opvoedkundige Leidingsprogram in die Sekondêre Skool | 69 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.4.1.4 | Vertikale- en horisontale deurstromingsmoontlikhede | 86 |
| 5.4.1.5 | Skoolvoorligtingsposte | 87 |
| 5.4.2 | Implikasies van buite-instansies (nie-onderwys-instansies) en aanbevelings in hierdie verband | 88 |
| 5.4.2.1 | Betrokkenheid van buite-instansies | 88 |
| 5.4.2.2 | Streeksvoorligtingsentrums vir algemene- en beroepsvoorligting | 89 |
| 5.4.2.3 | "Ope dae" vir leerlinge | 89 |
| 5.4.2.4 | Die daarstelling van 'n vaktydskrif | 90 |
| 5.5 | Samevatting | 91 |

HOOFSTUK 6 : SAMEVATTING 92

SUMMARY 99

BIBLIOGRAFIE 101

LYS VAN DIAGRAMME

Diagram 1 : Die Mammoetwet en die ontwikkeling tot op hede 14

Diagram 2 : Algemene Voortgesette Onderwys en Beroepsonderwys met die verskillende deurstromingsmoontlikhede 26

Diagram 3 : Praktiese voorbeeld van Algemene Voortgesette Onderwys : Ichthus-College, Veenendaal 30

Diagram 4 : Die Onderwyskundige struktuur in Nederland 36

Diagram 5 : Die Opvoedkundige Leidingsprogram in Primêre Skole 67

Diagram 6 : Die Opvoedkundige Leidingsprogram in die Sekondêre Skool 69

# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLING, DOEL VAN NAVORSING, METODOLOGIE EN DIE STRUKTUUR VAN DIE VERSLAG

## 1.1 INLEIDING

Met die instelling van gedifferensieerde onderwys in die RSA is die belangrikheid van die skoolvoorligtingsdiens sterk beklemtoon. "'n Stelsel van gedifferensieerde onderwys kan alleen sinvol deurgevoer word as dit gepaard gaan met 'n doeltreffende skoolvoorligtingsdiens, veral aan skole" (RGN, 1978 : V). Die taak van so 'n stelsel is volgens die RGN(1981a : 45) om onderwys in ooreenstemming met die leerling se potensiaal aan te bied, om hom in dié verband te oriënteer en voorligting te gee sodat die leerling uiteindelik in staat sal wees om self 'n onderwyskeuse te doen en sy potensiaal dus maksimaal te kan ontwikkel. Die skool het as taak die onderrig en opvoeding van leerlinge, maar is ook daar om toe te sien dat leerlinge tot selfverwesenliking en eie keuse in die skoolopset kan kom. Juis hierin lê : " die noodsaaklikheid van 'n skoolvoorligtingsdiens as geïntegreerde deel van die formele onderwys opgesluit" (RGN, 1981 : 46).

Die stelsel van gedifferensieerde onderwys maak tans voorsiening vir skooltipes, studierigtings, vakkeuses wat met studierigtings verband hou en vlakke waarop vakke geneem kan word. Die onderwysstelsel bied ook skoolvoorligting as 'n hulpdiens aan met die doel om leerlinge te oriënteer om in ooreenstemming met hulle vermoëns 'n onderwys- en

beroepskeuse te doen om hulle potensiaal te verwesenlik en deur middel van beroepsbeoefening 'n sinvolle bestaan te kan voer (Niewenhuis et al, 1984 : 193, 194).

Voorligting op skool vorm 'n onafhanklike vakgebied in eie reg. Dit behels die opvoeding en voorbereiding van leerlinge tot volwassenheid (Sonnekus & Ferreira, 1979 : 99). Die oorkoepelende doel van voorligting is die selforiëntering en selfverwesenliking van elke leerling, met besondere klem op selfkennis en verantwoordbare keuse-uitoefening (Barnard, 1975 : 14). Die eerste werklike voorligtingsfunksie van die skool tree reeds met skooltoetrede in werking en hou vol totdat die leerling finaal die skool verlaat (RGN, 1981b : 7).

In 'n snel veranderende Suid-Afrikaanse opset is dit belangrik dat elke individu van die verskillende kultuurgroepe vry moet wees om die kultuur- of lewensopvatting wat hy verkies, te handhaaf en dienooreenkomstig te ontwikkel. As gevolg van geweldige toename in die Suid-Afrikaanse bevolking, veral wat die Swart bevolking betref, is dit 'n absolute noodsaaklikheid dat die jeug reeds op skool voorligting moet ontvang (Anon., 1982 : 36 - 43). Dit sal nie net bydra tot positiewe selfkennis van die skoolgaande jeug nie, maar dit sal ook 'n groot bydra lewer met betrekking tot die vraag en aanbod in die arbeidsmark. In die lig van bogenoemde is doeltreffende voorsiening van skoolvoorligting as 'n geïntegreerde deel van die oorkoepelende onderwysstelsel in die RSA 'n noodsaaklikheid.

Hierdie navorsing is 'n sistematiese beskrywing wat beperk sal word tot die feitlike situasie wat vir die huidige in Nederland en die RSA, meer in die besonder in Transvaal, in werking is, met die bedoeling om die situasie so volledig moontlik te beskryf volgens die inligting wat daaroor beskikbaar is.
Die grootste oorweging vir die bestudering van skoolvoorligting in Nederland is om te bepaal of kennis van so 'n skoolvoorligtingstelsel van nut kan wees vir onderwys in die RSA, en indien wel om daaruit riglyne vir voorligting in die RSA te trek.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Met die hervormingsbeleid wat tans in Suid-Afrika op politieke terrein aan die gang is, word daar onder andere ook in die onderwys gelyke onderwysgeleenthede vir Blanke-, Kleurling-, Indiër- en Swart bevolkingsgroepe bepleit (Suid-Afrika (Republiek), 1983 : 41 - 44).

In sy huidige vorm is skoolvoorligting in Suid-Afrika baie breed en dit kan heel moontlik aanleiding gee tot algemeenheid en oppervlakkigheid in die aanbieding daarvan. Die RGN (1981b : 47) toon aan dat skoolvoorligting ten tye van die De Lange verslag weinig invloed uitgeoefen het op die studie- en beroepskeuse van leerlinge in Suid-Afrika.

In die ontwerp er voorsiening van 'n doeltreffende voorligtingdiens in die RSA moet deeglik kennis geneem word van die oorkoepelende belangrikheid van algemene voorligting sowel as beroepsvoorligting. Dit is 'n verantwoordelikheid nie net deur

die Staat gedra moet word nie, en daarom is formele skakeling tussen die onderwysowerhede en die privaatsektor nodig, veral met betrekking tot beroepsvoorligting (Van Walsum, 1986).

Die probleemvrae wat met hierdie navorsing aandag sal kry kan soos volg uiteengesit word :

1. In welke mate kan kennis van die skoolvoorligtingstelsel wat in Nederland toegepas word vir skoolvoorligting in die RSA van nut wees?
2. Ten einde die eerste probleem op te klaar sal dit nodig wees om verder vas te stel hoedanig die huidige skoolvoorligting stelsel van Suid-Afrika (slegs Blanke onderwys) daar uitsien.
3. Die vraag moet beantwoord word oor die kriteria wat vir 'n doeltreffende skoolvoorligtingstelsel gestel word.
4. In die laaste plek word die vraag gevra of daar in die Nederlandse skoolvoorligtingstelsel aspekte is wat vir die Suid-Afrikaanse onderwys van belang kan wees.

## 1.3 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doelstellings vir hierdie navorsing kan soos volg saamgevat word :

1. Om vas te stel hoedanig die huidige skoolvoorligtingstelsel van Nederland daar uitsien.
2. Om vas te stel hoedanig die huidige skoolvoorligtingstelsels van Suid-Afrika (slegs Blanke onderwys) tans daar uitsien.
3. Die stel van bepaalde kriteria vir 'n doeltreffende skoolvoorligtingstelsel.

4. Om na aanleiding van 'n studie van die Nederlandse skoolvoorligtingstelsel te bepaal watter toepaslikheid dit het vir 'n skoolvoorligtingstelsel vir die RSA.

## 1.4 METODOLOGIE

### 1.4.1 Metode van ondersoek

By die uitvoering van die studie sal daar van die beskrywende metode met behulp van literatuurstudie gebruik gemaak word. Deur middel van 'n persoonlike studiebesoek en onderhoude in Nederland sal kennis geneem word van nuwe ontwikkelinge wat op die gebied van skoolvoorligting aldaar ingetree het.

Daar sal ook 'n literatuurstudie van skoolvoorligting in die RSA, veral die Transvaal, gedoen word om die huidige skoolvoorligtingstelsel in die RSA te beskryf. Laastens sal daar van 'n vergelykende studie gebruik gemaak word wat betref skoolvoorligting in Nederland en die RSA.

### 1.4.2 Afbakening van die gebied en stratifisering

Hierdie ondersoek sal beperk word tot voorligtingsdienste binne en buite die formele onderwys wat vir skoolvoorligting verantwoordelik is.

Die ondersoek word tot die volgende hoofterreine beperk :

1. 'n Oorsigtelike beskrywing van die onderwyskundige struktuur in Nederland.
2. 'n Oorsigtelike beskrywing van die interne skoolvoorligting in Nederland.

3. Die werkterrein van ander instansies met betrekking tot skoolvoorligting in Nederland.
4. 'n Beskrywing van skoolvoorligting in Suid-Afrika.
5. Die opstel van kriteria vir 'n doeltreffende skoolvoorligtingstelsel.
6. Implikasies wat die Nederlandse skoolvoorligtingstelsel vir skoolvoorligting in die RSA kan inhou.
7. 'n Besinning oor die toepaslikheid van sekere aspekte van die Nederlandse skoolvoorligtingstelsel op die onderwysstelsel in die RSA.

### 1.4.3 Persoonlike onderhoude

Die populasie wat by die praktiese ondersoek betrek sal word is 'n aantal Nederlandse skole, skooldekane(skoolvoorligters) verbonde aan skole en buite-instansies wat 'n rol speel by Beroepsvoorligting. Onderhoude is gevoer na aanleiding van vraagskedules.

Persoonlike onderhoude is op band opgeneem en is by die skrywer beskikbaar.

## 1.5 DIE STRUKTUUR VAN DIE VERSLAG

In hoofstuk 1 is die probleemstelling van die navorsing, die doel, metodologie en program bespreek.

In hoofstuk 2 word die huidige onderwyskundige struktuur in Nederland beskryf ten opsigte van daardie aspekte wat vir voorligting van belang is. Die doel is eerstens om aan te dui in

hoeverre daar binne die onderwys 'n behoefte aan skoolvoorligting is, en tweedens om aan te dui in hoeverre die bestaande onderwyspraktyk in die behoeftes voorsien.

In hoofstuk 3 sal verwys word na daardie instansies binne en buite die formele onderwys wat vir die voorligtingsdienste in Nederland verantwoordelik is.

In hoofstuk 4 word die voorligtingstelsel van Transvaal (as voorbeeld van die RSA) kortliks bespreek.

In hoofstuk 5 word gekonsentreer op die implikasies wat die Nederlandse Skoolvoorligtingstelsel vir die Skoolvoorligting in die RSA inhou. Bepaalde kriteria word opgestel vir 'n doeltreffende skoolvoorligtingstelsel. Ten slotte word daar aanbevelings gemaak in verband met die tema van die navorsing.

Hoofstuk 6 sluit die skripsie af met 'n samevatting.

## 1.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die probleemstelling, doel van navorsing, metodologie en die struktuur van die verslag uitgelig.

# HOOFSTUK 2

# DIE NEDERLANDSE ONDERWYSKUNDIGE STRUKTUUR

## 2.1 INLEIDING

Voordat sekere sake in verband met skoolvoorligting in Nederland aandag kry, is dit nodig om eers die huidige onderwyskundige struktuur van Nederland van nader te bekyk, sodat bepaal kan word hoe dat skoolvoorligting daarmee vervleg is.

In hoofstuk 2 word die ontwikkeling na die invoering van die Mammoetwet bespreek. Om 'n getroue beeld te gee van bogenoemde word onderwys in Nederland beskryf aan die hand van die volgende:

* deurstroming in die onderwys
* buitengewone of spesiale onderwys
* basisonderwys
* die brugjaar of brugperiode
* voortgesette onderwys
* die onderwyskundige struktuur in Nederland

In hierdie stadium is dit belangrik om eerstens aandag te gee aan begrippe en afkortings wat in hierdie hoofstuk gebruik word, want dit plaas die res van hierdie hoofstuk in perspektief.

## 2.2 BEGRIPSVERHELDERING

In die onderstaande gedeelte sal daar ter wille van duidelikheid kortliks stilgestaan word by begrippe en afkortings waarvan daar in hierdie hoofstuk gebruik gemaak word.

### 2.2.1 Omskrywing van begrippe

* Mammoetwet : staan ook bekend as die wet op voortgesette onderwys (WVO) wat op 1 Augustus 1968 in werking getree het.
* Basisonderwys : is 'n kombinasie van kleuter- en primêre onderwys. Basisonderwys is van toepassing op leerlinge vanaf 4- tot 12- jarige ouderdom. Die doel van basisonderwys is om 'n fondament te lê vir voortgesette onderwys.
* Brugklas : volg direk na basisonderwys en word in die eerste jaar (sogenaamde brugjaar of brugperiode) van voortgesette onderwys geïmplementeer. Die brugklas is bedoel vir alle leerlinge afgesien van intelligensie, ens. Die doel van die brugklas is om leerlinge volgens hulle vermoëns te kanaliseer na een van die volgende bane (strome): VWO, HAVO, MAVO en LBO (vir 'n lys van afkortings kyk p. 12).
* Voortgesette onderwys : dit omvat die onderwys wat gegee word na basisonderwys en is bestem vir leerlinge vanaf 12- tot 18-jarige ouderdom. Met die term voortgesette onderwys word byna alle vorme van onderwys wat volg na basisonderwys aangedui.
* Skoolgemeenskap : dit kan vergelyk word met 'n sekondêre skool in Suid-Afrika. In 'n skoolgemeenskap word bane (strome) van voortgesette onderwys gevolg, byvoorbeeld MAVO en HAVO, HAVO en VWO, ens.
* Skooltipes : die tipes van voortgesette onderwys wat by 'n skoolgemeenskap aangetref word. Kenmerkend van elke skoolgemeenskap is die skooltipes wat aangebied word. Ter wille van duidelikheid word onderstaande voorbeeld genoem:

Die Ichthus-College te Veenendaal is 'n skoolgemeenskap vir skooltipes VWO (Atheneum), HAVO en MAVO.

* Deurstroming : beteken dat daar vryheid van beweging bestaan om na verskillende skooltipes en vlakke te beweeg. Met die deurstroming of vrye beweging van leerlinge word hoofsaaklik rekening gehou met begaafdheid, skoolvordering en belangstelling. Wat deurstroming betref word daar 'n duidelike onderskeid getref tussen:

  - Horisontale skoolgemeenskappe; waar daar sprake is van verskillende skooltipes maar van dieselfde vlak van onderwys, byvoorbeeld 'n skooltipe vir laer beroepsonderwys.
  - Vertikale skoolgemeenskap; waar daar sprake is van skooltipes wat bymekaar aansluit, maar verskillende vlakke van onderwys word onderskei, byvoorbeeld 'n skoolgemenskap vir middelbare algemene voortgesette onderwys (MAVO), hoër algemene voortgesette onderwys (HAVO) en voorbereidende wetenskaplike onderwys (VWO).

* Hoër onderwys : in Suid-Afrika bekend as tersiêre onderwys. In Nederland word hoër onderwys gevolg na voortgesette onderwys en dit sluit alle vorme van beroepsonderwys in, maar dit sluit nie universiteitsopleiding in nie.
* Hoërskole : anders as in Suid-Afrika, verwys hoërskole in Nederland na tersiêre inrigtings en dit bied opleiding vir alle vorme van beroepsonderwys.
* "Onderbouw ": ook bekend as die eerste twee leerjare van voortgesette onderwys.

* "Bovenbouw" : ook bekend as die laaste twee leerjare van voortgesette onderwys.
* Skoolwerkplan : skriftelike beplanning, uiteengesit deur die direkteur (skoolhoof) en sy personeel, wat 'n opsomming bevat van aktiwiteite van die leerling vir 'n bepaalde tydvak. Dit bevat verder pligte van onderwyspersoneel vir die uitvoering van bepaalde aktiwiteite. Na die samestelling van 'n skoolwerkplan word dit eers na die bestuur van die skool verwys en dan na die ouers vir ondertekening.
* Aktiwiteitsplan : is 'n uittreksel of opsomming van aktiwiteite soos in die skoolwerkplan uiteengesit.

2.2.2 Lys van afkortings

| | |
|---|---|
| WVO | : wet op voortgesette onderwys |
| IBO | : individueel beroepsonderwys |
| IVO | : individueel voortgesette onderwys |
| IVKO | : individueel voortgesette en kunssinnige onderwys |
| ISOVSO | : interimwet op spesiale onderwys en voortgesette spesiale onderwys |
| LAVO | : laer algemene voortgesette onderwys |
| MAVO | : middelbare algemene voortgesette onderwys |
| HAVO | : hoër algemene voortgesette onderwys |
| VWO | : voorbereidende wetenskaplike onderwys |
| LBO | : laer beroepsonderwys |
| LTO | : laer tegniese onderwys |
| LHNO | : laer huishoud- en nywerheidsonderwys |
| LAO | : laer "agrarisch" onderwys |
| LEAO | : laer ekonomiese- en administratiewe onderwys |

LMO : laer "middelstandsonderwys"

LNO : laer "nautisch" onderwys

MBO : middelbare beroepsonderwys

MTO : middelbare tegniese onderwys

MDGO : middelbare dienste- en gesondheidsorganisasie onderwys

MAO : middelbare "agrarisch" onderwys

MEAO : middelbare ekonomiese- en administratiewe onderwys

MMO : middelbare "middelstandsonderwys"

KMBO : kort middelbare beroepsonderwys

HBO : hoër beroepsonderwys

HAO : hoër "agrarisch" onderwys

HPO : hoër pedagogiese onderwys

HTO : hoër tegniese onderwys

HHNO : hoër huishoud- en nywerheidsonderwys

HMO : hoër "middelstandsonderwys"

HEAO : hoër ekonomiese- en administratiewe onderwys

HSAO : hoër "sosiaal-agogisch" onderwys

HGZO : hoër gesondheidsonderwys

KUO : kunsonderwys

## 2.3 ONTWIKKELING NA DIE INVOERING VAN DIE MAMMOETWET

Met die invoering van die Mammoetwet in 1968 is die hele onderwys in beweging gebring, wat die totstandkoming van één stelsel met verskillende skooltipes tot gevolg gehad het. Die bedoeling van die Mammoetwet was 'n nuwe indeling op voortgesette onderwys. Volgens artikel 5 van die wet op voortgesette onderwys kan

bogenoemde soos volg uiteengesit word:

"Het voortgezet onderwijs wordt onderscheiding in :

a. voorbereidende wetenschappelijk onderwijs;

b. hoger, middelbaar en lager algemeen voortgezet onderwijs;

c. hoger, middelbaar en lager beroepsonderwijs;

d. andere vormen van voortgezet onderwijs."

(Centrale Directie Voorlichting, 1977 :8, 9).

Die belangrikste gedagtes van die Mammoetwet is:

- Agt jaar basisonderwys, wat kleuteronderwys insluit, is van toepassing op leerling van ouderdomme 4 tot 12 jaar.
- Na die agt jaar basisonderwys is daar eers 'n brugjaar in die eerste jaar van algemene vootgesette onderwys. Alle leerlinge, afgesien van intelligensie en ander eienskappe moet na die brugklas gaan. Die doel van die brugklas is om leerlinge volgens hulle vermoëns te kanaliseer na een van die volgende bane (strome) :
    - Voortgesette Wetenskaplike Onderwys (VWO)
    - Hoër Algemene Voortgesette Onderwys (HAVO)
    - Middelbare Algemene Voortgesette Onderwys (MAVO)
    - Laer Beroepsonderwys (LBO)

(Jongsma, 1986 ; Dankers, 1886).

Skematies kan die Mammoetwet soos volg voorgestel word (Pere en Sanders, 1985 : 15) :

DIAGRAM 1: DIE MAMMOETWET EN DIE ONTWIKKELING TOT OP HEDE.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| LTO | LHNO | LDO | LEAO | LAO |
| beroepsoriënterend | | | | |
| brugklas BO | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| 6 | | |
| 5 | 5 | |
| 4 | 4 | 4 |
| 3 | 3 | 3 |
| VWO - gymnasium<br>- atheneum | HAVO | MAVO |
| brugklas AVO | | |

LYS VAN AFKORTINGS IN DIAGRAM 1

AVO = algemene voortgesette onderwys

BO = beroepsonderwys

VWO = voorbereidende wetenskaplike onderwys

HAVO = hoër algemene voortgesette onderwys

MAVO = middelbare algemene voortgesette onderwys

LTO = laer tegniese onderwys

LHNO = laer huishoud- en nywerheidsonderwys

LDO = laer "detailhandelonderwys"

LEAO = laer ekonomiese- en administratiewe onderwys

LAO = laer "argrarisch" onderwys

## 2.4 ONDERWYS IN NEDERLAND

Voordat die kategorieë van hoofstroomonderwys bespreek word, word eers aandag gegee aan 'n sleutelbegrip in die Nederlandse onderwysstelsel naamlik deurstroming, asook aan spesiale onderwys.

### 2.4.1 Deurstroming

Met die deurstroming van leerlinge word daar hoofsaaklik rekening gehou met die verskille tussen leerlinge wat betref begaafdheid, vordering op skool en belangstelling. Een van die groot voordele van die Mammoetwet is dat 'n leerling binne algemene voortgesette onderwys gemaklik kan oorgaan van een onderwystipe na 'n ander onderwystipe en byvoorbeeld van een tipe laer beroepsonderwys na 'n ander tipe laer beroepsonderwys (Jongsma, 1986).

Teoreties beteken die Wet op Voortgesette Onderwys dat daar vryheid van beweging vir leerlinge geskep word om na die verskillende skooltipes te beweeg. Die WVO bepaal enersyds dat leerlinge met verskille in begaafdheid in verskillende skooltipes ingedeel word. Andersyds ag die WVO dit waardevol dat die verskillende skooltipes op mekaar volg. Die bedoeling hiervan is dat die deurstroming van 'n leerling vanaf een skooltipe na 'n ander bevorder kan word. Om aan die eise van hierdie en ander verskille te voldoen, word verskillende skooltipes ingerig of word daar binne één skooltipe meer afdelings onderskei (Dankers, 1986).

Naas die onderskeid in die skooltipes is daar ook 'n strewe na ander vorms van differensiasie in die onderwys. Die Voorbereidende Wetenskaplike Onderwys differensieer kategoriale skooltipes vir LBO, MAVO, HAVO en VWO. Die gedagte hieragter is byvoorbeeld dat 'n MAVO-leerling wat goed presteer die geleentheid kry om te kan deurstroom na 'n vorm van HAVO sonder om 'n skooljaar te verloor. Dit is 'n uitvloeisel van die integrasiegedagte van die WVO en word in die vorm van skooltipes moontlik gemaak (Loermans en Winkels, 1986 : 37,38).

In Nederlandse onderwyskringe word daar 'n duidelike onderskeid getref tussen horisontale- en vertikale skoolgemeenskappe. By horisontale skoolgemeenskappe is daar sprake van verskillende skooltipes, maar van dieselfde vlak van onderwys. By vertikale skoolgemeenskappe is daar sprake van skooltipes wat bymekaar aansluit, maar verskillende vlakke van onderwys word onderskei, byvoorbeeld 'n skoolgemeenskap vir MAVO-HAVO-VWO (Jongsma, 1986).

Binne algemene voortgesette onderwys maak die Wet op Voortgesette Onderwys dit vir die leerlinge moontlik om van een skooltipe na 'n ander te beweeg. Kanalisering van die leerlinge word vanuit die brugklasse van skoolgemeenskappe gedoen, maar tog blyk die norme waarop die seleksie plaasvind nie waterdig te wees nie. Die vraag ontstaan of dit moontlik is om norme te ontwerp wat die seleksie foutloos

kan laat geskied. In die praktyk is dit egter bewys dat, al is die seleksie hoe goed, daar steeds sommige leerlinge is wat nie reg gekanaliseer word nie.

Deurstroming binne algemene voortgesette onderwys sal verskil van skoolgemeenskap tot skoolgemeenskap op grond van voorwaardes wat aan die leerlinge gestel word. Hierdie voorwaardes kan onder andere betrekking hê op die pakket, psigologiese toetse en advies gegrond op die brugperiode (Pere en Sanders, 1985 : 16 ; Dankers, 1986).

Naas die deurstroming wat binne die algemene voortgesette onderwys moontlik is, is dit ook moontlik om van byvoorbeeld een tipe laer beroepsonderwys oor te skakel na 'n ander tipe laer beroepsonderwys, asook van een vlak van beroepsonderwys na 'n hoër vlak van beroepsonderwys. Die WVO maak dit dus vir leerlinge moontlik om vanuit die brugperiode te kan deurstroom soos hierbo genoem. Hierdie deurstroming hang ook af van die prestasie wat die leerling behaal en of hy aan die eise wat die vakpakket aan hom stel, voldoen (Van Walsum, 1986).

2.4.2 Buitengewone of spesiale onderwys

Naas al die vorme van voortgesette onderwys word by basis-onderwys sowel as by voortgesette onderwys skooltipes onderskei wat bestem is vir leerlinge wat sintuiglik, liggaamlik en/of karakterologies gestremd is. Hierdie skool-

tipes maak voorsiening vir individuele beroepsonderwys en buitengewone of spesiale onderwys (Pere en Sanders, 1985 : 19).

By laer beroepsonderwys word drie soorte individuele beroepsonderwys onderskei. Individuele beroepsonderwys (IBO) kom voor by tegniese onderwys, landbou onderwys en huishoud- en nywerheidsonderwys (Van Walsum, 1986). Om toegelaat te word tot individuele beroepsonderwys, word daar naas die advies van die skoolhoof in verband met die skolastiese vordering van die leerling ook gelet word op die uitslag van die psigologiese ondersoek (CITO). Hierdie psigologiese ondersoek is hoofsaaklik intelligensie- en belangstellingstoetse wat gedoen word deur privaatinstansies buite skoolverband (Van der Brink, 1986).

Wat die opleiding self betref blyk dit dat die leerling via 'n spesiale skooltipe in sommige vakke nagenoeg dieselfde eindvlak bereik as leerlinge wat opleiding ontvang via laer beroepsonderwys. In die "onderbouw" van die IBO volg die leerlinge, met enkele klein uitsonderings dieselfde sillabus as die leerlinge in die "gewone" LBO. Die bedoeling is dat die "bovenbouw" van die IBO gelyk moet wees aan die van die LBO. Die leerling kies 'n vakpakket en kan daarin op drie vlakke eksamen aflê. In die nuwe opset van die voortgesette onderwys sal daar 'n afsonderlike brugjaar IBO bestaan (Dankers, 1986).

By algemene voortgesette onderwys is daar ook 'n vorm van onderwys wat sterk individueel ingerig is naamlik die sogenaamde IVO-skooltipes, en die leerlinge kan by hierdie skooltipe volgens eie tempo die leerstof bemeester (Pere en Sanders, 1985 : 20).

Die toelatingsouderdom vir spesiale onderwys is soos volg:

* "moeilik-lerende" leerlinge, baie moeilik opvoedbare leerlinge en leerlinge met leer- en opvoedings-moeilikhede : 6 jaar
* baie "moeilik-lerende" leerlinge : 4 tot 5 jaar
* ander leerlinge : 3 jaar

Die leeftyd waarop die leerlinge voortgesette spesiale onderwys moet verlaat is 20 jaar (Van Kemenade et al, 1986 : 55).

In die Interimwet op Spesiale Onderwys en Voortgesette Spesiale Onderwys (ISOVSO) wat op 1 Augustus 1985 in werking getree het, word daar 'n indeling gemaak van al die verskillende vorme van voortgesette onderwys en spesiale voortgesette onderwys. Verder bepaal die ISOVSO dat die onderwys gegee moet word volgens 'n skoolwerkplan, wat 'n uiteensetting gee van die organisasie en inhoud van die onderwys aan spesiale en voortgesette inrigtings (Van Kemenade et al, 1986 : 57). Naas die skoolwerkplan is daar 'n handelingswerkplan wat bepaal hoe die skoolwerkplan met

betrekking tot die individuele leerling uitgevoer moet word.

Vir voortgesette spesiale onderwys bestaan daar ook 'n skoolwerkplan waarin 'n aktiwiteitsplan uitgewerk is. Hierin is die aktiwiteite van die leerlinge opgesom vir 'n bepaalde tydvak en dit bevat pligte van die onderwys- en nie-onderwyspersoneel wat belas is met die diagnostiese en terapeutiese programme of ander onderwysondersteunende take (Van Kemenade et al, 1986 : 58).

Voortgesette spesiale onderwys is bestem vir leerlinge van 12 tot 20 jaar. Die owerheidsbeleid is daarop gemik om soveel leerlinge moontlik uit die spesiale onderwys terug te plaas na die gewone onderwys. Een voorwaarde om dit te bereik, is dat die gewone onderwys bereid en in staat moet wees om hierdie leerlinge wat vir 'n aangepaste benadering vra, die geleentheid daarvoor te bied (die sogenaamde "Zorgverbredingsbeleid") (Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 : 7-2, 7-3).

2.4.3 Basisonderwys

Met ingang van 1 Augustus 1985 het skole vir basisonderwys 'n aanvang geneem. Deur die inwerkingtreding van hierdie wet het die Laeronderwyswet van 1920 en die Kleuteronderwyswet van 1955 verval. Die samevoeging van kleuteronderwys en

gewone primêre onderwys tot een onderwysfase (basisonderwys) was nie net gerig op een deurlopende ontwikkelingsproses nie, maar ook om die oorgang van kleuteronderwys na primêre onderwys meer soepel te laat verloop. Die doel van die basisskool is om 'n fondament of basis te lê vir voortgesette onderwys waarna die leerling die een of ander beroepsopleiding kan gaan volg (Van der Brink, 1986).

Die kern van die wet op basisonderwys waarin die inhoud van die onderwys omskryf word, stel dit dat die onderwys so gerig moet wees dat die leerlinge een ononderbroke ontwikkelingsproses moet deurloop. Dié onderwys is afgestem op die vooruitgang in die ontwikkeling van die leerlinge en is gerig op die emosionele en die verstandelike ontwikkeling van kreatiwiteit, die verwerwing van noodsaaklike kennis en van sosiale, kulturele en liggaamlike vaardighede.

Basisonderwys omvat in beginsel agt skooljare en is bestem vir die 4-tot 12-jariges. Volgens Van der Brink (1986) toon die basisskool die volgende kenmerke:

* ontwikkeling van die leerling verloop geleidelik,
* elke leerling moet 'n gelyke kans gegun word,
* daar moet voldoende aandag geskenk word aan enige leerling wat dit nodig het,
* die onderrig-leersituasie moet aangepas word volgens die aard van die leerling.

Die wet op basisonderwys stel verder ook 'n skoolwerkplan vas. In die vormgewing van die onderwys staan die skoolwerkplan sentraal. Die wet gee bepaalde riglyne, maar binne die raamwerk van die geformuleerde doelstellings van die wet besluit elke basisskool self hoe onderwys aan die betrokke skool gegee en geëvalueer word (Van der Brink, 1986).

Die skoolwerkplan word in artikels 8 tot 11 van die wet op basisonderwys omskryf. In dié wet word dit gestel dat basisonderwys gemik moet wees op 'n ononderbroke ontwikkelingsproses van die individuele leerlinge. Die skoolwerkplan gee verder ook 'n oorsig van die organisasie en die inhoud van die onderwys. In die skoolwerkplan moet ook die betrekkinge van die basisskool met ander instansies opgeteken wees, byvoorbeeld skoolbegeleidende dienste of welsynsinstansies. Basisonderwys is in ieder geval gerig op die ontwikkeling van die gevoel, verstand, en kreatiwiteit, en op die verwerwing van noodsaaklike kennis van die sosiale, kulturele en liggaamlike vaardighede (Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 : 6-2, 6-3).

In basisonderwys is die omvang gemiddeld 140 tot 150 leerlinge per skool. Die skool self is 'n klein organisasie, waarby in die meeste gevalle die ouers sterk betrokke is. Die gemiddele aantal personeellede is 5 tot 7 per skool. Elke basisskool word gelei deur 'n direkteur (skoolhoof) (Van der Brink, 1986).

2.4.4 Die brugjaar of brugperiode

Dit is veral op grond van die advies van die direkteur van die basisskool, die resultate van psigologiese toetse en veral akademiese skoolvordering, asook in 'n mindere mate die wens van die ouers, dat die leerling na die brugjaar van 'n bepaalde skoolgemeenskap gaan. Die eerste skooljaar van elke skooltipe vir voortgesette onderwys het sy eie brugjaar of brugperiode (Van der Brink, 1986).

Na aanleiding van die WVO word daar aan die brugjaar of brugperiode veral drie doelstellings toegeken. Eerstens poog die leraar (onderwyser) in die brugperiode om die begaafdheid en die belangstelling van die leerling te peil. Die onderwyser doen dit deur middel van observasie, onderhoudvoering en eventueel 'n belangstellingstoets. Akademiese prestasies en studiegewoontes speel veral 'n belangrike rol by determinasie. Op hierdie wyse probeer die onderwyser vasstel watter onderwys- of studierigting vir die leerling geskik sal wees.

Die tweede doelstelling is oriëntering ten opsigte van die aansluiting tussen basisonderwys en voortgesette onderwys. Om die oorgang meer geleidelik en soepel te laat plaasvind, word die nuwe leerling die eerste jaar deur middel van allerlei aktiwiteite, waaronder bekendstellingsaktiwiteite, bekend gestel met die nuwe skoolsisteem.

Ten laaste is seleksie 'n belangrike doelstelling van die brugjaar. Die seleksie is daarop gerig om op grond van akademiese prestasie en werkhouding leerlinge na afloop van die brugperiode te verwys na 'n onderwysvorm en onderwysniveau wat die beste vir die leerling sal wees (Jongsma, 1986).

2.4.5 Voortgesette onderwys

Voortgesette onderwys omvat die onderwys wat gegee word ná basisonderwys en is bestem vir die leerlinge vanaf 12-tot ongeveer 18-jarige ouderdom (Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 : 9-1). Met die term voortgesette onderwys word byna alle vorme van onderwys wat volg na basisonderwys, aangedui. Die meeste van hierdie onderwysvorme word bepaal deur die wet op voortgesette onderwys, die sogenaamde Mammoetwet (Koninklijke PBNA, 1975 : 32).

Die wet op voortgesette onderwys omvat al die onderwys tussen basisonderwys en wetenskaplike onderwys. Hierdie wet van 1963, wat in werking getree het op 1 Augustus 1968, sit die onderwystipes van voortgesette onderwys in die volgende afdelings uiteen:

* Algemene voortgesette onderwys
  Algemene voortgesette onderwys word onderverdeel in laer algemene voortgesette onderwys (LAVO), middelbare algemene voortgesette onderwys (MAVO) en hoër algemene voortgesette onderwys (HAVO).


* Voorbereidende wetenskaplike onderwys (VWO)
  Voorbereidende wetenskaplike onderwys is onderwys wat ter voorbereiding is vir die onderwys aan hoërskole en universiteite. Skooltipes wat by VWO onderskei kan word is: "gymnasium", "atheneum" en "lyceum" ('n kombinasie van "gymnasium" en "atheneum"). Elke skooltipe het 'n kursusduur van ses jaar.

* Beroepsonderwys
  Beroepsonderwys kan onderverdeel word in laer beroepsonderwys (LBO), middelbare beroepsonderwys (MBO) en hoër beroepsonderwys (HBO). Bogenoemde beroepsonderwys word gegee aan skooltipes vir tegniese onderwys, huishoud- en nywerhiedsonderwys, landbouonderwys, "middelstandsonderwys", ekonomiese- en administratiewe onderwys, opleiding van onderwysgewende personeel, sosiaal-pedagogiese onderwys, kunsonderwys en diensverlenings- en gesondheidsonderwys.

* Ander vorme van voortgesette onderwys
  Hier word onder andere rekening gehou met die vormingsinstitute vir jeugdiges vir wie verpligting ten opsigte van volledige dagonderwys geëindig het (Van Kemenade et al, 1986 : 60,61 ; Koninklijke PBNA, 1975 : 32 ; Dankers, 1986 ; Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 : 9-3).

Algemene voortgesette onderwys en beroepsonderwys word in diagram 2 voorgestel.

DIAGRAM 2 : ALGEMENE VOORTGESETTE ONDERWYS EN BEROEPSONDERWYS MET DIE VERSKILLENDE DEURSTROMINGSMOONTLIKHEDE




2.4.5.1 Algemene voortgesette onderwys

Diagram 2 illustreer die verkillende bane (strome) van algemene voortgesette onderwys, naamlik laer algemene voortgesette onderwys (LAVO), middelbare voortgesette onderwys (MAVO) en hoër algemene voortgesette onderwys (HAVO). Die eerste leerjaar van bogenoemde skooltipes is 'n brugklas wat veral gerig is op oriëntasie en aanpassing (Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 : 9-1, 9-3). Dié brugklas maak dit moontlik om in die eerste jaar te besin oor skoolkeuse alvorens

'n leerling deurstroom na die tweede klas van 'n ander skooltipe (Verkuyl en Vesters, 1985 : 12). Die doel van die brugjaar in hierdie verband word kortliks genoem :

* advisering van leerlinge deur brugklaskoördineerders en skooldekane (skoolvoorligters)
* observasie van leerlinge deur brugklaskoördineerders
* om die weg te wys aan leerlinge in die nuwe skoolsituasie

(Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 : 9-3).

Die verskillende deurstromingsmoontlikhede in algemene voortgesette onderwys word met pyltjies in diagram 2 voorgestel.

Vervolgens word daar kortliks aandag gegee aan die skooltipes vir algemene voortgesette onderwys.

2.4.5.1.1 Laer algemene voortgesette onderwys (LAVO)

Toelatingsvereistes tot LAVO is voltooide basisonderwys of daarna gelykwaardige elementêre buitengewone onderwys. Die duur van die opleiding is twee jaar (Dankers, 1986).

Na die LAVO-opleiding is die deurstroming van leer-

linge na laer beroepsonderwys (LBO) en eventueel na middelbare algemene voortgesette onderwys (MAVO) moontlik (Verkuyl en Vesters, 1985 : 12).

2.4.5.1.2 Middelbare algemene voortgesette onderwys (MAVO)

Middelbare algemene voortgesette onderwys beoog die verskaffing van 'n breë algemene ontwikkeling, asook 'n basis vir middelbare beroepsonderwys (MBO) (Verkuyl en Vesters, 1985 : 12). Verder bied MAVO ook differensiasie binne klasverband waar die onderwyser rekening hou met vermoë en niveau van elke leerling (Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 b : 19).

Toelatingsvereistes tot MAVO-skole is voltooide basisonderwys of daarna gelykwaardige elementêre buitengewone onderwys. Die toelating is verder ook afhanklik van 'n geskiktheidsbeoordeling. Die duur van die opleiding is vier jaar (Dankers, 1986 ; Verkuyl en Vesters, 1985 : 13).

Na MAVO-opleiding bestaan daar verskeie moontlikhede. Sommige leerlinge gaan na vier jaar MAVO-opleiding na die vierde leerjaar van hoër algemene voortgesette onderwys. Vir meer beroepsgerigte opleiding kan die leerling ook 'n keuse uitoefen uit één van die skole

vir middelbare beroepsonderwys (Anon., 1986-1987 f : 92,93 ; Dankers, 1986 ; Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 b : 19).

2.4.5.1.3 Hoër algemene voortgesette onderwys (HAVO)

Hoër algemene voortgesette onderwys het as doel die gee van 'n verbrede algemene vorming, 'n veelsydige ontwikkeling en die voorbereiding op take en funksies vir verdere ontwikkeling. Tweedens dien HAVO ook as basis vir hoër beroepsonderwys. Globaal beteken dit dat die doel van HAVO is om aan die leerling so 'n breë moontlike ontwikkeling te bied (Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 b : 26,27 ; Verkuyl en Vesters 1985 : 13,14 ; Kunstacademie Hogere tuinbouwschool, 1986 : 1-15).

Toelatingsvereiste tot die eerste klas van HAVO is voltooide basisonderwys of daarna gelykwaardige elementêre buitengewone onderwys. By voortgesette onderwys geskied toelating òf deur horisontale deurstromming vanuit die brugperiode na 'n hoër klas HAVO óf deur vertikale deurstroming met 'n diploma MAVO. Dit geld ook vir leerlinge wat in besit is van 'n oorgangsbewys van drie na vier jaar VWO wat kan deurstroom na die vierde klas HAVO. Die totale duur van die HAVO-opleiding is vyf jaar (Verkuyl en Vesters, 1985 : Anon., 1986-1987a : 12 ; Ministerie van

Onderwijs en Wetenschappen, 1986 c : 25).

DIAGRAM 3: PRAKTIESE VOORBEELD VAN ALGEMENE VOORTGESETTE ONDERWYS: ICHTHUS-COLLEGE, VEENENDAAL.

| | | |
|---|---|---|
| 6 - VWO | | |
| 5 - VWO | 5 - HAVO | |
| 4 - VWO | 4 - HAVO | 4 - MAVO |
| 3 - VWO | 3 - HAVO | 3 - MAVO |
| 2 - VWO | 2 - HAVO | 2 - MAVO |
| BRUGJAAR | | |

In bogenoemde diagram word algemene voortgesette onderwys aan die hand van 'n praktiese voorbeeld geïllustreer. Die aantal leerjare vir elke baan (stroom) word aangedui.

2.4.5.2 Voorbereidende wetenskaplike onderwys (VWO)

Voorbereidende wetenskaplike onderwys is bedoel vir leerlinge wat toegang tot universiteite of hoërskole (tersiêre inrigting) wil verkry om verdere opleiding voort te sit (Verkuyl en Vesters, 1985 : 14,15).

Toelatingsvereistes tot die eerste klas van die VWO-skooltipe is voltooide basisonderwys of daarna gelykwaardige buitengewone onderwys. Dié toelating is mede-afhanklik van 'n geskiktheidsbeoordeling. Die duur van hierdie kursus is ses jaar (Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 b : 29 ; Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1985 : 30,31).

VWO-opleiding bied aan die leerling verskeie moontlikhede. Die belangrikste moontlikheid is dat die besitters van 'n VWO-diploma toelating verkry tot verdere studie aan universiteite en hoërskole. 'n Diploma van 'n VWO-skool gee verder ook toegang tot die hoër beroepsonderwys, terwyl daarna verskillende ander opleidingsmoontlikhede bestaan waarvoor 'n VWO-diploma vereis word (Verkuyl en Vesters, 1985 : 24,25 ; Anon., 1986-1987a : 3,4 ; Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 b : 29 ; Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1985 : 30,31).

2.4.5.3 Beroepsonderwys

Naas algemene voortgesette onderwys bestaan daar ook verskeie beroepsgerigte opleidingsmoontlikhede. Beroepsonderwys word onderverdeel in laer beroepsonderwys (LBO), middelbare beroepsonderwys (MBO) en hoër beroepsonderwys (HBO). Bogenoemde beroepsonderwys word in diagram 2 op bladsy 26 uiteengesit en dui ook die verskillende deurstromingsmoontlikhede aan.

2.4.5.3.1 Laer beroepsonderwys (LBO)

Verskillende soorte laer beroepsonderwys is moontlik, en alhoewel 'n volledige bespreking van laasgenoemde nie hier ter sprake is nie, word die onderskeid wat by LBO aangetref word hieronder kortliks uiteengesit:

* laer tegniese onderwys
* laer huishoudkunde- en nywerheidsonderwys
* laer "agrarisch" onderwys
* laer ekonomiese- en administratiewe onderwys
* laer "middelstandsonderwys"
* laer "nautisch" onderwys (seevaart onderwys)

Aan bogenoemde skooltipes word onderwys gegee in algemene en in beroepsgerigte vakke (Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 a : 9-1 ; Verkuyl en Vesters, 1985 : 16,17).

2.4.5.3.2 Middelbare beroepsonderwys (MBO)

Middelbare beroepsonderwys sluit aan by laer beroepsonderwys of middelbare algemene voortgesette onder-

wys. Net soos by LBO is daar by MBO ook verskillende vorme van beroepsonderwys moontlik. Onderskeid kan getref word tussen :

* middelbare tegniese onderwys
* middelbare dienste- en gesondheidsorg onderwys
* middelbare "agrarisch" onderwys
* middelbare ekonomiese- en administratiewe onderwys
* middelbare "middelstandsonderwys"
* middelbare "nautisch" onderwys

(Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 a : 9-2 ; Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 f : 26-45).

Oor die algemeen is middelbare beroepsonderwys toeganklik vir leerlinge met die diplomas LBO en MAVO, met 'n oorgangsbewys van drie tot vier jaar HAVO of VWO, of vir leerlinge met 'n diploma/bewys van 'n gelykwaardige vooropleiding. Meesal word daar egter ook eise gestel met betrekking tot die vakpakket waarin eksamen afgelê moet word, die niveau waarop die eksamen afgelê word en die punte behaal in die onderskeie vakke. Die opleidingsduur by bogenoemde verskillende variasies van MBO is van een tot vier jaar (Verkuyl en Vesters, 1985 : 19 ; Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 a : 9-1, 9-2).

2.4.5.3.3 Hoër beroepsonderwys (HBO)

Hoër beroepsonderwys is 'n vorm van hoër onderwys en is gerig op die teoretiese en praktiese voorbereiding tot die uitoefening van beroepe waarvoor 'n hoër beroepsopleiding vereis word. Tydens die samestelling van hierdie inligting val die HBO nog onder die werking van die WVO, en word tans op grond van beroepsveld onderskei in die volgende :

* hoër "agrarisch" onderwys
* hoër pedagogiese onderwys
* hoër tegniese onderwys
* hoër huishoud- en nywerheidsonderwys
* hoër "middelstandsonderwys"
* hoër ekonomiese- en administratiewe onderwys
* hoër "sosiaal-agogisch" onderwys
* hoër gesondheidsonderwys
* kunsonderwys

(Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 a : 10-1).

Toegang tot hoër beroepsonderwys word in die algemeen verkry op grond van die diplomas van die MBO en van die HAVO- en VWO-diplomas. Verder word daar meesal eise gestel met betrekking tot die samestelling van die vakpakkette waarin eksamen afgelê word (Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1985 :36;


Kunstacademie Hogere tuinbouwschool 1986 : 11 ; Anon., 1986-1987 e : 69-71 ; Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1986 d : 13).

Die struktuur van HBO is naastenby dieselfde as dié van voorbereidende wetenskaplike onderwys. Verder bestaan daar ook binne die HBO verskillende opleidingsmoontlikhede wat naastenby ooreenstem met dié van LBO en MBO, en dus word dit nie verder bespreek nie (Verkuyl en Vesters, 1985 : 21-24 ; Anon., 1986-1987b : 27 ; Anon., 1986-1987 c : 42,44).

2.4.5.4 Ander vorme van voortgesette onderwys

Ten opsigte van bogenoemde word daar hoofsaaklik rekening gehou met die jeugdiges vir wie leerplig ten opsigte van volledige dagonderwys geëindig het (Koninklijke PBNA, 1975 : 32). Hier word daar onder andere rekening gehou met die vormingsinstitute vir jeugdiges. Volledige leerplig eindig sodra 'n leerling 11 jaar onderwys gevolg het. Hierna volg gedeeltelike leerplig wat impliseer dat 'n leerling gedurende een jaar na die volledige leerplig twee dae per week onderwys moet volg. Leerlinge wat nog gedeeltelik leerpligtig is, asook dié jeugdiges wat nog nie in die arbeidsbestel opgeneem is nie, is onderhewig aan die vormingswerk (Ministerie van Onderwijs en Wetenchappen, 1986a : 9-3).

DIAGRAM 3: DIE ONDERWYSKUNDIGE STRUKTUUR IN NEDERLAND



### 2.4.6 Die onderwyskundige struktuur in Nederland

Die totale onderwyskundige struktuur in Nederland word in diagram 3 op bladsy 36 uiteengesit.

## 2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die Nederlandse Onderwysstelsel. Met ingang van 1 Augustus 1968, die jaar waarin die Wet op Voortgesette Onderwys in werking getree het, is gelykheid van onderwysgeleenthede vir leerlinge bevorder.

Die doel van basisonderwys is om 'n fondament te lê vir voortgesette onderwys. Die eerste skooljaar van voortgesette onderwys bestaan uit 'n brugperiode. Hierdie brugperiode verdeel oor die algemeen na een jaar in verskillende bane (strome), naamlik VWO, HAVO, MAVO en LAVO/LBO. Binne voortgesette onderwys bestaan daar verskillende deurstromingsmoontlikhede waar leerlinge kan deurstroom van die een baan na 'n ander baan en van die een skooltipe na 'n ander skooltipe. Voortgesette onderwys bied toegang tot universiteite en hoërskole (tersiêre inrigting) vir verdere opleidingsmoontlikhede. Die skooltipes binne voortgesette onderwys bepaal egter watter opleidingsmoontlikhede vanuit hierdie bane gevolg kan word.

Hoofstuk 2 moet gesien word as voorkennis wat benodig word om skoolvoorligting in Nederland te begryp. Belangrik is dat die Mammoetwet (WVO) beskou kan word as die alfa en die omega in die bogenoemde onderwyskundige struktuur. Alles rakende

die onderwys, insluitende skoolvoorligting, is 'n uitvloeisel van hierdie wet.

In hoofstuk 3 word daar vervolgens in besonderhede ingegaan op die skoolvoorligtingstelsel van Nederland.

# HOOFSTUK 3

# SISTEMATIESE BESKRYWING VAN SKOOLVOORLIGTING IN NEDERLAND

## 3.1 INLEIDING

Dit is duidelik dat die belangrikheid van skoolvoorligting in Nederland goed besef word deur die owerheid en die private sektor wat voorligtingsdienste daarstel. Nie alleen binne skoolverband nie, maar ook deur talryke instansies wat buite skoolverband staan word bemoeienis met skoolvoorligting gemaak.

Die skoolvoorligtingsdiens in Nederland word in hierdie hoofstuk ontleed in drie hoofparagrawe. Daar word ten eerste 'n verduideliking van die belangrikste begrippe gegee. Daarna word skoolvoorligting in verskillende skoolkontekste behandel.

In die laaste afdeling val die klem op die skooldekanaat. In hierdie paragraaf word verskillende fasette van die skooldekaan se werk onder die loep geneem.

Voordat Skoolvoorligting in Nederland bespreek kan word is dit eers nodig om enkele begrippe te verklaar.

## 3.2 BEGRIPSVERHELDERING

Hieronder word 'n aantal begrippe verklaar wat algemeen in die Nederlandse konteks gebruik word.

* Beroepsvoorligting : die klem val hier op inligting aangaande beroepe.

* Beroepskeusevoorligting : hier val die klem op persoonlike advies en leiding.

* Leerlingbegeleiding : kan omskryf word as die ondersteuning wat aan leerlinge gegee word op hulle weg na 'n selfstandige, mondige deelname in die samelewing. Uit die bogenoemde omskrywing blyk dit dat voorligting 'n onderdeel uitmaak binne die totale begeleiding soos dit kan plaasvind.

* Brugklaskoördineerder : persoon verantwoordelik om toe te sien dat leerlinge vanuit die brugklas in die regte baan (stroom) geplaas word. Hy beplan saam met die leerling 'n gepaste studierigting en beroepskeuse.

* Mentor : afkomstig van die Griekse woord "Mentoor" wat leidsman, raadsman, gids of begeleider beteken. Die taak van die mentor is om leerlinge te ondersteun by persoonlike probleme. Die pos wat die mentor beklee staan bekend as mentoraat.

* Skooldekaan : staan in RSA bekend as 'n skoolvoorligter. Met sy skooldekanaatskap (skoolvoorligtingspos) het die skooldekaan naas sy taak as gewone vakonderwyser 'n addisionele verpligting teenoor skoolvoorligting.

* Skooldekanaat : dit is die pos wat deur die skooldekaan beklee word.

* Leraar : gewone klasonderwyser in skoolverband.

* Direkteur : hiermee word die hoof van die skool bedoel.

## 3.3 VOORLIGTING VANUIT DIE ONDERWYS

Die arbeidsmark in Nederland het die afgelope twee dekades so vinnig verander dat die onderwys in 'n sekere mate vervreemd geraak het van die beroepslewe in die algemeen (Anon., 1987 : 38,39).

Om bogenoemde probleem te oorbrug is met die Mammoetwet van 1968 gepoog om die onderwys in ooreenstemming met die eise van die arbeidsmark te bring (Dankers, 1986). In 'n snel veranderende arbeidsmark kan aangeneem word dat die leerling se belangstelling ook voortdurend sal verander. Om daarmee tred te hou word daar met die Mammoetwet meer vryhede geskep ten aansien van skool-keuse, meer studiemoontlikhede en die samestelling van vakpakkette (Denouden, 1986 ; Anon., 1987 : 38,39).

Daar het vanuit die onderwys 'n behoefte aan meer doeltreffende skoolvoorligting ontstaan. Dit het uiteindelik aanleiding gegee tot die instelling van skoolvoorligtingsposte (skooldekanaat) aan skooltipes vir voortgesette onderwys (Aanen, 1986).

### 3.3.1 Die onderwys se benadering tot skoolvoorligting

Van Nederlandse owerheidsweë word besef dat leerlinge nie sonder begeleiding verantwoordbare keuses kan maak nie. Keusebegeleiding in die onderwys is daarom die verantwoordelikheid van die skool. Verder is die uitgangspunt dat keusebegeleiding geïntegreerd behoort te wees in die aktiwiteite van die skool (Hoefnagel, 1986 ; Loerman en Winkels, 1986 : 69).

Om dit te bevorder, word daar veral op drie aspekte gekonsentreer. Ten eerste is die beleid daarop gerig om die kwaliteit van begeleiding te verhoog deur die bestaande opleiding van dekane (en skoolbegeleiers) op te skerp. Ten tweede word daar gepoog om deur middel van reëlgewing die basis van keusebegeleiding in die onderwys te vestig. Ten laaste word daar gestreef om die informasievoorsiening te verbeter (Anon., 1984 : 362).

Alhoewel daar in Nederlandse skole voorsiening gemaak word vir persoonlike en opvoedkundige voorligting, bestaan die grootste deel van die begeleiding uit inligting aangaande vakpakkette en die beroepswêreld (Hoefnagel, 1986).

Daar word in Nederland 'n duidelike onderskeid getref tussen die begrippe beroepsvoorligting en beroepskeusevoorligting. By die eerste val die klem op inligting terwyl by beroepskeusevoorligting meer klem val op persoonlike advies en leiding. Beroepsvoorligting differensieër wat die praktyk betref in pre-oriëntasie, algemene oriënterende beroepsvoorligting en gespesialiseerde beroepsvoorligting. Die eerste twee fases van beroepsvoorligting (pre-oriëntasie en algemene oriënterende beroepsvoorligting) is uitsluitlik 'n saak vir die onderwys (Denouden, 1986 ; Hoefnagel, 1986).

3.3.2 Voorligting as vorm van leerlingbegeleiding

In Nederland is 'n ontwikkeling aan die gang gesit waardeur in die onderwys meer aandag geskenk word aan die begeleiding van leerlinge. In hierdie sin word voorligting omskryf as begeleiding van die individu om hom beter in staat te stel om sy lewe volgens eie keuse in te rig (Denouden, 1986). 'n Aantal vorme van leerlingbegeleiding word onderskei, naamlik studiebegeleiding, ekstra les-ure, voorligting, skool- en beroepskeusebegeleiding en ontwikkelingsbegeleiding. Hierdie onderskeie begeleidingstake word sovêr moontlik deur die leraar uitgevoer (Loerman en Winkels, 1986 : 74).

Vanuit die totale veld van die voortgesette onderwys word daar in Nederland meer belangstelling getoon ten opsigte van leerlingbegeleiding. Hiermee wil die skool alles in sy vermoë doen om die leerling se ontplooiing na volwassenheid te bevorder. Leerlingbegeleiding is gerig op persoonlike groei en poog om die leerling se potensiaal tot ontwikkeling te stimuleer. Begeleiding op skool kan ook omskryf word as die ondersteuning van die leerling op sy weg na 'n selfstandige, mondige deelname in die maatskaplike lewe (Anon., 1986a : 4 ; Loerman en Winkels, 1986 : 71).

### 3.3.3 Voorligting op primêre vlak (Basisskool)

Op primêre skoolvlak was die leraar (klasonderwyser) tot onlangs nog die persoon wat verantwoordelik was vir skoolvoorligting (Van der Brink, 1986). Naas die primêre opvoeding en onderrigtaak van die leraar, was die sekondêre funksie van

die leraar dié van 'n "mentor" (raadsman) of begeleier. In laasgenoemde verband kon die leraar dus beskryf word as die vertroueling wat die leerling en die ouer kan adviseer met betrekking tot skooltipes, verdere studie- en beroepsmoontlikhede (Dankers, 1986 ; Van Walsum, 1986 ; Loerman en Winkels, 1986 : 177). Aangesien die leraar nie as 'n skoolvoorligter opgelei was nie, is hierdie funksie algaande deur onder andere beroepskeuseburo's oorgeneem. Skoolvoorligting het só op primêre skoolvlak uitsluitlik 'n saak vir buite-instansies geword (Dankers, 1986 ; Van der Brink, 1986).

Met die onlangse opkoms van die skoolbegeleidingsdienste en pedagogiese sentra, het daar 'n nuwe wending ingetree op primêre vlak wat skoolvoorligting betref (Dankers, 1986). In heel resente tyd is skoolpsigologiese, skoolpedagogiese en skoolmaatskaplike dienste gestig wat basisskole bystaan op die gebied van voorligting (Aanen, 1986). Dit is veral die skoolpedagogiese en skoolpsigologiese dienste, wat albei privaat dienste is, wat hulle tans besig hou met skool- en beroepskeusevoorligting op die basisskool (Anon., 1986b : 12).

3.3.4 Voorligting op sekondêre vlak (Voortgesette onderwys)

Op sekondêre skoolvlak is die skooldekaan (skoolvoorligter) in werklikheid die enigste persoon binne die onderwys wat opgelei is vir skoolvoorligting (Van Walsum, 1986). Anders as by die basisskool waar voorligting uitsluitlik 'n saak vir

buite-instansies is, word die skooldekanaat by voortgesette onderwys ongetwyfeld beskou as die belangrikste pos binne skoolverband wat hom besig hou met skoolvoorligting (O'Maonaigh, 1986).

Naas die skooldekanaat wat by die onderwysstruktuur ingeskakel is, is die brugklaskoördineerder en die mentor ook vir die onderwys van ingrypende betekenis wat skoolvoorligting betref (Van Leeuen, 1986 ; Hoefnagel, 1986). Hieronder word meer aandag aan hierdie saak gegee.

Die brugjaar in voortgesette onderwys word as die heel belangrikste jaar in die leerling se skoolloopbaan beskou. Die bekwaamste leraars word as die brugklaskoördineerders by hierdie brugklasse geplaas om saam met die leerling sy studierigting en beroepskeuse vorentoe te beplan (Van Leeuen, 1986). Na die brugklas moet die leerling noodwendig 'n skoolkeuse doen wat impliseer dat 'n keuse ook ten opsigte van verskillende vakpakkette gedoen moet word. Wat laasgenoemde betref is dit hoofsaaklik die brugklaskoördineerder se verantwoordelikheid om toe te sien dat die leerling vanuit die brugklas in die regte baan (stroom) in beweeg (MAVO, HAVO of VWO). Psigologiese toetse speel 'n belangrike rol tydens hierdie periode, maar intensiewe observasie van die leerlinge deur die brugklaskoördineerder is van kardinale belang vir die beplanning van die leerling se toekoms (Hoefnagel, 1986 ; Van Leeuen, 1986).

Begeleiding van leerlinge ten opsigte van persoonlike probleme word beskou as die taakgebied van die mentor. Alhoewel die mentor nie opgelei is om terapeuties te werk te gaan nie speel hy 'n belangrike rol by die ondersteuning en hulpverlening van leerlinge met persoonlike probleme. Hier word uitgegaan van die gedagte dat die leerlingbegeleiding daarop gerig moet wees om die leerling in die loop van sy skoolloopbaan sistematies by te staan sover dit sy besondere behoeftes betref (Anon., 1986a : 4).

Op die basis van hierdie uitgangspunte kan 'n onderskeid getref word tussen instromingsbegeleiding, voortgesette begeleiding en uitstromingsbegeleiding.

Met instromingsbegeleiding word die begeleiding verstaan wat daarop gerig is om die leerling tussen die moment van aanmelding en die beginperiode van voortgesette onderwys te ondersteun. Ongeveer 'n halwe jaar voor die aanvang van die skooljaar word voorligting by verskillende basisskole gegee waar informasie verstrek word oor die struktuur van die skool, die brugperiode, keusemoontlikhede en die "bovenbouw" (Loerman en Winkels, 1986 : 179,180).

Voortgesette begeleiding volg sistematies deur die res van leerling se skoolloopbaan. Begeleidingstake tydens hierdie periode is hoofsaaklik ten opsigte van die voogwerk en die studiegegewens asook die uitvoering en bystand van individuele hulp- en begeleidingsplanne. Onderhoude met leerlinge

word op 'n gereelde basis gehou om hulle studievordering te monitor (Loerman en Winkels, 1986 : 182-184).

Uitstromingsbegeleiding impliseer begeleiding wat uitgevoer word wanneer die leerling voortgesette onderwys verlaat. Op die gebied is die taak van die mentor hoofsaaklik om die leerling in te lig oor verdere studie- en beroepsmoontlikhede (Loerman en Winkels, 1986 : 195).

Op sekondêre vlak word voorligting, veral beroepsvoorligting, behartig deur skooldekane. Die skooldekaan is in werklikheid die enigste persoon binne die onderwys self wat opleiding ontvang het ten opsigte van beroepsvoorligting. Laasgenoemde saak sal verder breedvoerig behandel word.

3.3.5 Voorligting ten opsigte van beroepsonderwys

In die praktyk word voorligting ten opsigte van beroepsonderwys hoofsaaklik deur professionele persone van buite-instansies behartig. Buite-instansies besoek die skole vir beroepsonderwys slegs op uitnodiging en stuur jeugkonsultante en professionele persone uit na die skole (Anon., 86/87, 1986).

Binne skoolverband vind voorligting in 'n beperkte mate plaas. Leerlinge ontvang slegs in uitsonderlike gevalle insidentele voorligting by leraars wat dan ook nog hoegenaamd geen opleiding vir hierdie taak ontvang het nie. Die grootste bydrae wat skole vir beroepsonderwys ten opsigte van

voorligting lewer is tydens die sogenaamde voorligtingsdae. Voorligtingsdae word tweejaarliks gereël. Op die voorligtingsdae word voorligting gegee oor onderwerpe soos vakpakkette, studierigtings en beroepe (Anon., 86/87, 1986).

### 3.3.6 Die Skooldekanaat

#### 3.3.6.1 Die ontstaan van die skooldekanaat

Die skooldekanaat (voorligtingspos) het in 1960 vir die eerste keer sy verskyning in die voortgesette onderwys gemaak. Met die aanvanklike intrede van dié pos was die identiteit van die skooldekanaat so vaag dat dit aanvanklik beskou was as 'n pos buite skoolverband (Denouden, 1986). Van owerheidsweë het daar 'n groeiende gedagte ontstaan dat skole vir voortgesette onderwys 'n taak ten opsigte van skoolvoorligting het. Die besef het ontstaan dat daar binne skole vir voortgesette onderwys te minste een persoon aangestel behoort te wees wat verantwoordelik is vir skoolvoorligting (Loerman en Winkels, 1986 : 70). Dit was egter eers met die inwerkingtreding van die Mammoetwet van 1968 dat die skooldekanaat ware identiteit binne voortgesette onderwys gekry het (Denouden, 1986).

Sedert die instelling van die skooldekanaat het hierdie pos gaandeweg meer en meer erkenning gekry. Dit het gelei tot die stigting van twee verenigings, naamlik die "Nederlandse Vereniging van Schooldekanen" (NVS)

en "De Vereniging van Beroepskeuze-Adviseurs" (VBA). Die "Nederlandse Vereniging van Schooldekanen" is op 29 April 1965 gestig met die doel om die belange van skooldekane tot op ministeriële vlak te behartig. Die doel van " De Vereniging van Beroepskeuze-Adviseurs" is om te streef na die gee van "ideale" voorligting. Die VBA as werkgroep stel doelstellings en doelwitte vas met betrekking tot voorligting, stel funksies van skooldekane vas en poog om deur middel van 'n opgestelde program beroepskeusewerk beter tot sy reg te laat kom. Die taak van die VBA is verder om 'n analise te maak van knelpunte in die huidige voorligtingswerk en vervolgens moontlike oplossings daarvoor te vind (Anon., 1984 : 364).

3.3.6.2 Beheer en organisasie van skooldekane

Skooldekane word deur die direkteur (skoolhoof) aan skole vir voortgesette onderwys aangestel. Die skooldekaan kan 'n gewone leraar wees, wat met sy benoeming as skooldekaan 'n addisionele opdrag kry met betrekking tot skoolvoorligting (Hoefnagel, 1986).

Soos gemeld behoort al die skooldekane tot 'n vereniging bekend as die "Nederlandse Vereniging van Schooldekanen" (NVS). Binne hierdie vereniging word twee werkgroepe onderskei wat elkeen sy eie

bestuur het. Die een werkgroep is uitsluitlik vir HAVO- en VWO-skooltipes, terwyl die ander werkgroep bestem is vir die MAVO-skooltipes (Van Walsum, 1986).

Die skooldekanaat beklee tans geen regsposisie nie, en val dus statutêr onder presies dieselfde bepaling as enige ander leraar verbonde aan skole vir voortgesette onderwys (Denouden, 1986). Wat die posisie van die skooldekaan aan 'n bepaalde skooltipe betref, val dit op dat hy 'n tweeledige funksie het. Ten eerste is sy primêre funksie dié van volwaardige leraar. Dit beteken dat hy basies dieselfde opleiding ontvang as die gewone leraar (Hoefnagel, 1986). Ten tweede is sy sekondêre funksie dié van skooldekaan (O'Maonaigh, 1986). Sy belangrikste taak is om na die belang van leerlinge om te sien wat betref studie-, vakpakket- en beroepskeuse (Ichtus-College, 1986 : 25 ; Pere en Sanders, 1985 : 11).

Die werksaamhede van die skooldekaan word bepaal teen die agtergrond dat in Nederlandse skole vir voortgesette onderwys beroepskeuse nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie. (Akademie Mens-Arbeid, 1986 : 12). Die skooldekaan tree in opdrag van bevoegde gesag (Ministerie van Onderwys) op om aan die leerling inligting en advies te verskaf ten opsigte van

die keuse van 'n skooltipe, tersiêre opleidingsmoontlikhede en die keuse van 'n beroep (Loermans en Winkels, 1986 : 69 ; Anon., 1984 : 364).

3.3.6.3 Opleiding van skooldekane

Alhoewel daar geen verpligte opleiding vir skooldekane in Nederland bestaan nie, is daar vanaf 1961 pogings aangewend om leraars as skoolvoorligters vir hulle taak toe te rus (Aanen, 1986). Sedert 1980 het bepaalde institute, onder andere die Moller Instituut en die Akademie Mens en Arbeid op die voorgrond getree wat georganiseerde kursusse vir dekane aangebied het (Anon., 1986a : 4).

Opleiding van skooldekane bestaan uit deeltydse aandklasse vir onderwysers wat eenmaal per week aangebied word oor 'n tydperk van een jaar (Denouden, 1986). Alhoewel bogenoemde opleiding nie 'n uitgebreide kursus is nie, word verkillende temas behandel om die skooldekane toe te rus vir hulle taak as voorligters (Akademie Mens-Arbeid, 1986 : 12). Die opleiding van skooldekane moet verder ook tred hou met 'n snel veranderende samelewing en kultuur. Die opleiding van skooldekane sluit onder meer in die praktyk van die skooldekanaat, tegnieke in onderhoudvoering, beroepskeuse, leerling-dekaan verhouding, werkwyses van arbeidsburo's, tersiêre opleidingsmoontlikhede, literatuur en dokumentasie.

Na suksesvolle voltooiing van bogenoemde kursus ontvang die skooldekaan 'n sertifikaat van bevoegdheid (Hoefnagel, 1986).

Naas deeltydse aandklasse ontvang die skooldekane ook indiensopleiding in die vorm van oriënteringskursusse wat aangebied word deur die "Nederlandse Vereniging van Schooldekanen". Verder word daar maandeliks 'n tydskrif ("Dekanoloog") vrygestel waarin die nuutste verwikkelinge op die gebied van skoolvoorligting verskyn, programme met betrekking tot voorligting voorgestel en wenke gegee word oor hoe om skoolvoorligting aan skole vir voortgesette onderwys te organiseer (Denouden, 1986).

3.3.6.4 Die taak van die skooldekaan

Vir elke skooltipe (MAVO, HAVO en VWO) is daar 'n skooldekaan wat verantwoordelik is vir skoolvoorligting (Van Leeuen, 1986). Die taak van die skooldekaan by bogenoemde skooltipes is basies dieselfde, en kan onder die volgende hoofde saamgevat word :

* Groepsvoorligting aan leerlinge oor beroeps- en studiemoontlikhede ; wat slegs in hoogs uitsonderlike gevalle by skole aangebied word (Aanen, 1986).
* Persoonlike voorligting aan leerlinge ; waar die skooldekaan die leerling wys op die verband tussen sy potensiaal en die keuse van 'n vakpakket, asook die verband tussen eersgenoemde met die keuse van 'n

beroep (O'Maonaigh, 1986).

* Advies en inligting ten opsigte van beroepe, waar die skooldekaan die leerling op individuele basis bystaan met betrekking tot 'n beroepskeuse. Naas dié taak, stel die skooldekaan ook talle informasiestukke beskikbaar wat die leerling kan bestudeer. Probleemgevalle ten opsigte van beroepskeuse wat die skooldekane nie self kan oplos nie, word na buite-instansies verwys (Anon., 1984 : 361 ; Aanen, 1986).

Dit is veral tydens twee momente in die voortgesette onderwys dat die taak van die skooldekaan duidelik na vore kom. Tydens die eerste fase van voortgesette onderwys ("onderbouw") is die taak van die skooldekaan om die leerling in die regte baan (stroom) te plaas, en toe te sien dat die leerling die regte vakpakket neem. Laasgenoemde word beskou as die belangrikste taak van die skooldekaan. Beroepskeusevoorligting in tweede fase van voortgesette onderwys ("bovenbouw") is eweneens 'n belangrike taak wat die skooldekaan verrig. In hierdie verband is sy hulp hoofsaaklik informatief van aard (Hoefnagel, 1986).

Persoonlike- en opvoedkundige voorligting geskied sover moontlik (afhangende van die kompleksiteit van die probleme) binne skoolverband. Beroepskeusevoorligting geskied meestal buite skoolverband, aangesien die

skool in hierdie verband hoofsaaklik informatief te werk gaan (Denouden, 1986).

3.3.6.5 Die aard en inhoud van programme

Die skooldekaan is oorhoofs verantwoordelik vir alle voorligtingsaktiwiteite binne skoolverband. Hy tree op as koördineerder van genoemde aktiwiteite en is in noue skakeling met brugklaskoördineerders en mentors (Pere en Sanders, 1985 : 11 ; O'Maonaigh, 1986).

Die inhoud van die voorligtingsprogram wat die skooldekaan hanteer sluit in voorligting ten opsigte van metodes, keuses van vakpakkette en beroepe, groepsprobleme en groepsontwikkeling, persoonlike probleme en waarde ontwikkeling (Anon., 1986 : 5). Die voorligtingsprogram maak ook voorsiening vir voorbereidende-, algemene oriënterende- en gespesialiseerde beroepsvoorligting. Gespesialiseerde beroepsvoorligting word egter deur professionele persone verrig wat verbonde is aan private instansies (instansies buite skoolverband) (Anon., 1984 : 364 ; Ministerie van Onderwijs en Wetenchappen, 1986 : 16).

Die kantoor van die skooldekaan huisves 'n magdom inligtingstukke oor studie- en beroepskeuse wat bygehou word deur klerklike hulp. Persoonlike lêers van leerlinge word ook hier aangehou waarin besonderhede van

die individuele leerlinge opgeteken word (Denouden, 1986).

## 3.4 VERSKILLENDE VOORLIGTINGSDIENSTE IN NEDERLAND

Naas die skooldekanaat bestaan daar ook instansies buite skoolverband wat hulle besig hou met skoolvoorligting, veral beroepsvoorligting (Van Walsum, 1986). Die meeste van hierdie instansies poog om onbevooroordeelde voorligting te gee (sonder 'n werwingsmotief) ten opsigte van skool- en beroepskeusevoorligting (Ministerie van Sociale Zaken en Werkgelegenheid, 1986 : 1).

Die belangrikste buite-instansie wat vir die onderwys van belang is, word hieronder verder bespreek.

### 3.4.1 Die "Gewestelijke Arbeidsburo's" (GAB)

Die "Gewestelijke Arbeidsburo's" (GAB), wat 'n ryksinstelling is, funksioneer onder toesig van die "Directoraat-Generaal voor de Arbeidsvoorsiening" (ARBVO). Die owerheid poog om deur middel van die GAB op hoogte te bly aangaande informasie oor die arbeidsmark (Akademie Mens Arbeid, 1985 : 5). Die ARBVO hou hom veral besig met sake soos werkverskaffing, skoling, herskoling, omskoling, aanvullende werksgeleenthede, beroepsvoorligting en beroepskeusevoorligting (Ministerie van Sociale Zaken en Werkgelegenheid, 1986 : 6).

Die taak en funksie van die GAB lê hoofsaaklik op die gebied van voorligting (hoofsaaklik beroepsvoorligting en beroeps-

keusevoorligting) en werkverskaffing. Die "Gewestelijke Arbeidburo's" in Nederland beskik elk oor sy eie informasie sentrum, wat informasie huisves oor onder andere beroepe, werksgeleenthede en opleiding. Hierdie informasie is meestal beskikbaar in die vorm van pamflette en brosjures, maar inligting word ook deur middel van oudio-visuele media oorgedra (Pere en Sanders, 1985 : 227,228 ; Ministerie van Sociale Zaken en Werksgelegenheid, 1986 : 4).

Vir die onderwys is die Jeugkonsultant en die professionele Beroepskeuse-adviseur veral van groot belang. Jeugkonsultante is verantwoordelik vir die beroepsvoorligting en werksverskaffing, terwyl beroepskeuse behartig word deur professionele beroepskeuse-adviseurs (Aanen, 1986 ; Akademie Mens Arbeid, 1985 : 6,7).

Beroepskeuse-adviseurs van die GAB gee voorligting met betrekking tot beroepskeuse wat gerig is op groepe en indiividue. Beroepskeusevoorligting, wat gemik is op groepe, vind meestal by skole vir voortgesette onderwys plaas, terwyl individuele beroepskeusevoorligting slegs by die GAB geskied. Die beroepskeuse-adviseur verstrek verder informasie ten aansien van beroepe, opleiding, arbeidsmark en ander verwante sake (Ministerie van Sociale Zaken en Werkgelegenheid, 1986 : 6,7 ; Akademie Mens Arbeid, 1985 : 6,7).

3.4.2 Besondere Beroepskeuseburo's

Volgens Aanen (1986) is Besondere Beroepskeuseburo's hoof-

saaklik gefundeer op óf Rooms-Katolieke óf Protestants-Christelike grondslag. Die belangrikste funksie van dié beroepskeuse-buro's lê op die gebied van beroepsvoorligting en beroepskeusevoorligting (Denouden, 1986).

Advies en inligting ten aansien van beroeps- en beroepskeuse-voorligting word verskaf deur beroepskeuse-adviseurs en psigoloë (Dankers, 1986 ; Hoefnagel, 1986 ; Van Leeuen, 1986). Die werksaamhede van beroepskeuse-adviseurs word hoofsaaklik gewy aan beroepskeuse-advies. Advies en inligting word verskaf aangaande skooltipes by voortgesette onderwys, 'n skool- of studierigting en samestelling en keuse van 'n vakpakket (Pere en Sanders, 1985 : 11 ; Akademie Mens Arbeid, 1985 : 6,7). Psigoloë doen dieselfde werk as die beroepskeuse-adviseur, maar is ook verantwoordelik vir die afneem van belangstellingstoetse en ander psigologiese ondersoeke (Van der Brink, 1986 ; Van Leeuen, 1986).

3.4.3 Skoolbegeleidingsdienste

Die gedagte wat gelei het tot die stigting van skoolbegeleidingsdienste het ontstaan uit 'n behoefte om leerlinge te ondersteun by die verandering en vernuwing wat in die onderwys ingetree het. Die aktiwiteite van die skoolbegeleidingsdienste is hoofsaaklik gerig op leerlinge in die skoolsituasie.

Werksaamhede wat voortvloei uit die doelstellings van skoolbegeleidingsdienste is:

* Sisteembegeleiding : hier gaan dit om advies en leiding met betrekking tot vrae wat gegrond word op onder andere die organisasie binne klasverband en die onderrig-leer-situasie.
* Leerlingbegeleiding : bied advies en leiding aan leerlinge wie se skoolloopbaan ernstig belemmer word. Hieronder ressorteer onder andere toetsing van leerlinge, opstelling van 'n handelingsplan en die aanbieding van voorligting aan skole (en leraars) waar daar probleme ondervind word (Stichting Begeleidingcentrum Gereformeerd Schoolonderwijs, 198? : 9).

### 3.4.4 Ander voorligtingsdienste

#### 3.4.4.1 "Gemeentelijke" of plaaslike beroepskeuseburo's

"Gemeentelijke" of plaaslike beroepskeuseburo's kom in stede sowel as op die platteland voor. Die belangrikste taak van hierdie buro's is om as 'n mark te dien wat met die vraag en aanbod van die arbeidsmark werk (Ministerie van Sociale Zaken en Werkgelegenheid, 1986 : 1).

#### 3.4.4.2 Privaat Psigologiese Institute

By die Privaat Psigologiese Institute vorm beroepsvoorligting slegs 'n deel van hulle werksaamhede. Psigologiese ondersoeke (wat meestal gerig is op die arbeidsmark) vorm die grootste deel van dié institute se werksaamhede (Van der Brink, 1986 ; Van Leeuen, 1986 ; Jongsma, 1986).

Vir die doel van hierdie studie word privaat psigologiese institute nie verder bespreek nie.

## 3.5 SAMEVATTING

In hoofstuk 3 is verskillende skoolvoorligtingsdienste binne en buite die Nederlandse onderwys bespreek.

Binne skoolverband het dit geblyk dat brugklaskoördineerders, mentors en skooldekane skoolvoorligting behartig. By skole vir voortgesette onderwys is skooldekane die enigste personeellede wat vir die taak opgelei is. Dit is die skooldekaan se verantwoordelikheid om na die belange van die leerlinge om te sien ten aansien van die studierigting, samestelling van die vakpakket en beroepskeuse. Die voorligtingsprogram vir voortgesette onderwys op skole word gekoördineer deur die skooldekaan en sluit in : voorbereidende-algemene oriënterende en gespesialiseerde beroepsvoorligting.

Buite die onderwys is dit nie net die owerheid nie, maar ook die privaatsektor wat hulle besig hou met skoolvoorligting, veral beroeps- en beroepskeusevoorligting. Die belangrikste voorligtingsdienste buite die onderwys is die "Gewestlelijke Arbeidsburo's" en die Besondere Beroepsburo's (vir voortgesette onderwys) en Skoolbegeleidingsdienste (vir basisskole).

# HOOFSTUK 4

# DIE SKOOLVOORLIGTINGSTELSEL VAN DIE RSA

## 4.1 INLEIDING

Die grondslag vir gedifferensieerde onderwys op nasionale vlak in die RSA is gelê deur die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967). Klousule 2(1)(F) van die wet lui dat:

> "Onderwys verskaf moet word ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die leerling en die behoeftes van die land en dat met inagneming hiervan, gepaste voorligting aan die leerlinge verstrek moet word".

Die algemene beleid is in die Staatskoerant van 12 November 1971 aangekondig (Kruger, 1980 : 23). Die Minister van Nasionale Opvoeding het onder andere verklaar:

> "Voorligting word aan 'n leerling verskaf ten opsigte van persoonlike aangeleenthede, 'n opvoedkundige keuse en met inagneming van die land se behoeftes, 'n beroepskeuse".

Skoolvoorligting word deurgaans deur alle onderwysdepartemente in die RSA aangebied. In hierdie hoofstuk word die Skoolvoorligtingstelsel van die Transvaalse Onderwysdepartement as voorbeeld gebruik om skoolvoorligting in die RSA kortliks te bespreek.

## 4.2 SKOOLVOORLIGTING : 'N BREë PERSPEKTIEF

Wanneer Wet 39 van 1967 ontleed word val dit onmiddellik op dat die onderwys, indien dit in die verhewe doelstelling wil slaag, veral aan twee sake besondere aandag moet skenk. Die eerste saak is die uitkenning, plasing en groepering van leerlinge en tweedens die saak van voorligting (Steyn, 1984 : 2).

4.2.1 Die uitkenning, plasing en groepering van leerlinge

Volgens Steyn (1984 : 2) geskied die voorlopige uitkenning of identifisering van leerlinge vir die soort onderwys wat by hulle pas grootliks deur die skool in samewerking met die ouers. Die finale identifisering van leerlinge word deur verskeie dissiplines van die Opvoedkundige Hulpdiens behartig.

4.2.2 Voorligting

Breed gesproke maak die Transvaalse Onderwysdepartement voorsiening vir 'n algemene- en 'n gespesialiseerde voorligtingsdiens (Van Niekerk, 1985 : 156).

Die algemene voorligtingsprogram in die skole bestaan uit verskillende komponente. In die primêre skool bestaan die algemene voorligtingsprogram uit die voogprogram, die program vir opvoedkundige leiding en die noodplan (De Lange, 1981 : 1-4 ; Erasmus, 1987 : 1). In die sekondêre skool bestaan die algemene voorligtingsprogram uit die voogprogram, die voorligtingsprogram, die noodplan, die geestesweerbaarheidsprogram en die program vir fisieke aktiwiteite vir dogters (Steyn, 1984 : 3 ; De Lange, 1988 : 1).

Gespesialiseerde voorligting word behartig deur die personeel van die Opvoedkundige Hulpdiens (Pelser, 1989). Volgens Steyn (1984 : 3) behels dit gespesialiseerde opvoedkundige, persoonlike en beroepskundige hulp aan alle leerlinge in

Transvaal op wie dit van toepassing mag wees.

## 4.3 DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYS - DEPARTEMENT

In 'n Direkteursbrief gedateer 16 September 1982 het die Direkteur van Onderwys, Prof. Jooste, aangekondig dat 'n nuwe bedeling beoog word vir die destydse Opvoedkundige Hulpdiens (Pelser, 1989). Met die uitreiking van Omskrywe 1 van 1983 deur die Transvaalse Onderwysdepartement Sielkundige en Voorligtingsdiens (TOD, 1983 : 1) word bekend gemaak dat die Diens voortaan bekend sal staan as die Opvoedkundige Hulpdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement. In breë trekke behels dit die verdeling van die Opvoedkundige Hulpdiens in twee bene. Die eerste been, of Onderwyshulpsentrum, bedien die breë stroom onderwys. Die tweede been, of die Kinderleidingkliniek, is in elke streek tot stand gebring waarheen gevalle van 'n hoë intrinsieke kompleksiteit verwys kan word deur die onderwyshulpsentrum, skool en ouers (Pelser, 1989).

In die huidige vorm staan die Opvoedkundige Hulpdiens onder beheer van vyf adjunkhoofde, elk verantwoordelik vir een van die volgende dissiplines:

* loopbaanaangeleenthede
* opvoedingsaangeleenthede
* onderrigaangeleenthede
* voorligting
* spraakterapie

(TOD, 1988 : 26 ; Pelser, 1989).

Tans is die Kinderleidingklinieke veronderstel om amptelik in werking te wees, maar slegs die Kinderleidingkliniek van Potchefstroom is volledig, betreffende personeelbesetting en toerusting (Pelser, 1989 ; TOD, 1988 : 28).

### 4.3.1 Onderwyshulpsentra van die Transvaalse Onderwys - departement

Volgens die jaarverslag van die Transvaalse Onderwysdepartement (1988 : 26-28), word hierdie sentra beman deur:

* 'n Onderwysadviseur : loopbaanaangeleenthede
* 'n Onderwysadviseur : opvoedingsaangeleenthede
* 'n Onderwysadviseur : onderrigaangeleenthede
* 'n Onderwysadviseur : voorligting
* Twee onderwysadviseurs : spraak-, stem-, taal-, en gehoorsaangeleenthede.

Die Opvoedkundige Hulpdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement maak tans voorsiening vir 25 onderwyshulpsentrums. Die struktuur is sodanig dat elke komprehensiewe eenheid oor 'n onderwyshulpsentrum sal beskik. Voorsiening word gemaak vir die aanstelling van 333 personeellede. Die onderwyshulpsentra word vanaf 1 Januarie 1985 beheer deur 'n onderwyshulpsentrumhoof (TOD, Omskrywe 20 van 1984 ; TOD, 1988 : 26).

### 4.3.2 Kinderleidingklinieke van die Transvaalse Onderwysdepartement

Op 23 September 1982 word aangekondig dat 'n kinderleidingkliniek in elke streek (Transvaal word in 8 streke verdeel) tot stand gebring gaan word. Wat die struktuur betref, ressorteer die kinderleidingklinieke direk onder die hoofsuperindent van onderwys. Die personeel staan bekend as opvoedkundige sielkundiges en beman soortgelyke poste as dié by die onderwyshulpsentrums (Pelser, 1989).

Permanente personeel verbonde aan kinderleidingklinieke is tans:

* 'n Opvoedkundige-sielkundige : beroepsvoorligting
* 'n Opvoedkundige-sielkundige : ortopedagogiek
* 'n Opvoedkundige-sielkundige : ortodidaktiek
* 'n Opvoedkundige-sielkundige : sosiopedagogiek
* 'n Maatskaplike werker
* 'n Verpleegkundige
* 'n Arbeidsterapeut
* 'n Spraakterapeut

(Transvaal (Provinsie), : 1984 a).

Die kinderleidingkliniekpersoneel beweeg nie uit na die skole nie. Leerlinge word na kinderleidingklinieke verwys deur die onderwyshulpsentrum in samewerking met skole en/of ouers (Pelser, 1989).

## 4.4 SKOOLVOORLIGTING

Volgens Van der Walt (1979 : 13) is skoolvoorligting 'n "inherente deel van elke opvoedingstaak wat deur die skool aangebied word en wat een of ander bydrae tot die oplossing van persoonlike, opvoedkundige en beroepsprobleme van 'n bepaalde leerling lewer".

Die mees effektiewe wyse waarop die skool probleme by leerlinge kan probeer verhoed is deur die implementering van die totale skoolvoorligtingsprogram. Uit die oogpunt van die beroeptoekoms van die leerling gesien, gaan dit veral om die implementering van die program vir opvoedkundige leiding, die beroepsvoorligtings- en die voogprogram (Steyn, 1986 : 18).

### 4.4.1 Opvoedkundige leiding in die primêre skool


Die Transvaalse Onderwysdepartement sien die Voorligtingsprogram in die primêre skool as bestaande uit Voogwerk, die Noodplan en Opvoedkundige leiding. Die voorgeskrewe tydstoekenning op die skoolrooster maak voorsiening vir een periode per klas per week vir standerd 2 tot standerd 5. Onder leiding van die hoof word die departementshoof opvoedkundige leiding verantwoordelik gehou vir die organisasie en die doeltreffende implementering van die totale program (Steyn, 1980 :1).

Naas die departementshoof opvoedkundige leiding (DSO) is onderwysers in die Voorligtingsprogram verantwoordelik vir voogwerk (Erasmus, 1987 : 1). Vereistes wat aan onderwysers gestel word is 'n Kategorie D-indeling (vier jaar opleiding) wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit, registrasie by die Federale Onderwysraad vir Blankes en Suid-Afrikaanse burgerskap (Transvaal (Provinsie), 1989 : 2,6). Die Transvaalse Onderwysdepartement stel onderwysers, na aanleiding van aanbevelings van Bestuursrade, in poste aan waarvoor aansoek gedoen is (Transvaal (Provinsie), 1989 : 2).

Vakante poste word in die Buitengewone Offisiële Koerant geadverteer, en stel spesifieke vereistes aan die DSO, maar nie aan die gewone onderwyser nie (Transvaal (Provinsie), 1989 : 10,11).

De Lange (1987 : 1) stel die Opvoedkundige Leidingsprogram van die sillabus skematies soos volg voor:

Diagram 4: DIE OPVOEDKUNDIGE LEIDINGSPROGRAM IN PRIMêRE SKOLE




1 - Voogstelsel
2 - Buitelug-opvoeding
3 - Gebeurlikheidsbeplanning
4 - Leierskap ontwikkeling
5 - Buitemuurse aktiwiteite
6 - Remediërende onderrig

(De Lange, 1987 : 1).

In hierdie verband verwys De Lange (1987 : 4-8) na enkele komponente van die skematiese voorstelling:


* Voorligting : raak die kind in alle aspekte van sy persoonstruktuur en sy toekomstige behoeftes. Dit behels alle hulp en raadgewing aan die kind op sy weg na volwassenheid.

* Persoonlikheidsvoorligting : is gerig op die opdoen van selfkennis waar die leerling geleer word om sy talente en beperkinge te ontdek en om dit waaroor hy beskik, optimaal te verwesenlik. Leiding word dus aan die leerling gegee ter bevordering van sy persoonstruktuur. Effektiewe persoonlikheidsvoorligting behoort aan te vul of reg te stel, sodat die leerling tot 'n volwaardige persoonlikheid kan ontwikkel.
* Opvoedkundige voorligting : het hoofsaaklik te make met die leerling se skolastiese vordering. Leerprobleme en die aanleer van gesonde studiemetodes ressorteer onder opvoedkundige voorligting.
* Beroepsvoorligting : is dié aspek van die opvoeding wat gemoeid is met die leerling se beroepskeuse. Beroepsvoorligting het ten doel om die leerling te lei tot 'n verantwoordelike en verantwoordbare beroepskeuse. Dit hang egter nou saam met persoonlikheids- en opvoedkundige voorligting.
* Voogstelsel : Erasmus (1987 : 1) sien voogwerk as 'n deurlopende bemoeienis met die leerling dwarsdeur die jaar, gedurende elke les, na skool by buitemuurse aktiwiteite en in die koshuis waar van toepassing. In hierdie stelsel doen die onderwyser in 'n besondere hoedanigheid opvoedingswerk, naamlik as voog. Die onderwyser aanvaar verantwoordelikheid vir die leerling. As aanvullende ouer word daar verseker dat die opvoedingsgebeure wat in die ouerhuis begin 'n kontinue gebeurtenis bly.

4.4.2 Opvoedkundige leiding in die sekondêre skool

De Lange (1988 : 1) stel die Opvoedkundige Leidingsprogram in die sekondêre skool soos volg voor:

DIAGRAM 5 : DIE OPVOEDKUNDIGE LEIDINGSPROGRAM IN DIE SEKONDêRE SKOOL




a - Liggaamlike Opvoeding

b - Voogstelsel : Skool en Koshuis

c - Buitelugopvoeding

d - Gebeurlikheidsbeplanning

e - Leierskap ontwikkeling

f - Buitemuurse aktiwiteite

g - Fisieke aktiwiteite vir seuns (kadette)

h - Fisieke aktiwiteite vir dogters

(De Lange, 1988 : 1)

In die sekondêre skool bestaan die voorgeskrewe Voorligtingsprogram uit die voogprogram, die beroepsvoorligtingprogram, die noodplan (gebeurlikheidsbeplanning), die geestesweerbaarheidsprogram en die program vir fisieke aktiwiteite (Steyn, 1984 : 3).

Die voorgeskrewe tydstoekenning op die skoolrooster maak voorsiening vir een periode per klas per week vir standerd 6 tot standerd 10. Die skoolrooster van die departementshoof opvoedkundige leiding (DSO) maak voorsiening vir onderhoudsperiodes vir leerlinge met persoonlike-, opvoedkundige- en beroepskundige probleme (TOD, 1986 : 2).

Uit die oogpunt van die beroepstoekoms van die leerling gesien, gaan dit volgens Steyn (1986 : 18) veral om die implementering van die opvoedkundige-, die beroepsvoorligtings- en die voogprogram. Dié drie programme is geheel en al geïntegreerd en die een impliseer en steun op die ander.

Die skoolhoof wys personeel aan om die voorligtingsprogram aan te bied. Vereistes en kwalifikasies wat aan dié personeel gestel word, is soortgelyk aan dié van primêre skole. Vervolgens word kortliks aandag aan hierdie programme gegee:

* Opvoedkundige voorligting : hiermee word spesifiek bedoel die voorligting wat met die leerling se skolastiese vordering te make het. Elke vakonderwyser is gemoeid met dié program.

* Beroepsvoorligting : is volgens Steyn (1984 : 5) daardie aspek van die opvoeding wat met die kind se beroepskeuse gemoeid is. Die Transvaalse Onderwysdepartement het 'n vasgestelde sillabus vir standerd 6 tot standerd 10. Die sillabus stel duidelike doelstellings wat deeglik en sistematies in die leerstof uitgebou word. Op bladsy 18 en 19 van die sillabus word daar klem gelê op verskillende aspekte rakende beroepsvoorligting. Hieruit kan duidelik afgelei word dat beroepstudie en loopbaanverkenning 'n breë veld dek (De Lange, 1988 : 11). Die DSO en die skoolvoorligter (waar van toepassing) bied hierdie program aan.
* Voogstelsel : is dieselfde as by die primêre skool (Schutte, 1988 : 1). Voogwerk kan gesien word as 'n deurlopende bemoeienis met die leerling dwarsdeur die jaar, gedurende die les, na skool by buitemuurse aktiwiteite en in die koshuis waar van toepassing. As aanvullende ouer verseker die onderwyser dat die opvoedingsgebeure wat in die ouerhuis begin, 'n kontinue gebeurtenis bly. As voog, aanvaar die onderwyser dus verantwoordelikheid vir die leerling.

Met die Geesteswerbaarheidsprogram op sekondêre skole is daar volgens De Lange (1988 : 7) gepoog om "met entoesiasme te werk aan die daarstelling van 'n positiewe opvoedingsmilieu waarin kinders in gesonde gesprekvoering met mekaar en met professionele, lewenservare opvoeders gehelp kan word om tot volwaardige volwassenheid te kom en om die nodige geesteskrag te verwerf wat hulle in staat sal stel om hulle roeping te vervul".

## 4.5 SAMEWERKING TUSSEN SKOOL, ONDERWYSHULPSENTRUM EN KINDERLEIDINGKLINIEK

Gesien vanuit die perspektief van die groot verskeidenheid van probleme, tekorte wat leerlinge mag ondervind en ander verwante probleme waarvoor die skool nie 'n oplossing het nie, maak die Transvaalse Onderwysdepartement daarvoor voorsiening dat bepaalde hulpdienste die primêre en die sekondêre skool in die verband sal steun (Steyn, 1985 : 11).

Een van hierdie ondersteunende hulpdienste is die Opvoedkundige Hulpdiens wat op gedifferensieerde en gespesialiseerde grondslag sy dienste aan die skool en die ouer beskikbaar stel. Die Opvoedkundige Hulpdienste is primêre en sekondêre skole ook behulpsaam met gereelde toetsing van leerlinge se intelligensie, belangstelling, ens. (Steyn, 1985 : 1).

Om die leerling se belange effektief te dien, is dit noodsaaklik dat primêre en sekondêre opvoeders wat met die leerling se onderrig en opvoeding gemoeid is, gesamentlik daaraan sal werk (Pelser, 1989). Die Opvoedkundige Hulpdiens, as een van die vennote in voorafgaande verband, kan nie sy funksie in isolasie uitvoer nie, en kan volgens De Lange (1988 : 20) nie as 'n toeskouer op 'n afstand die onderwys en die opvoedingsgebeure gade slaan nie. Die Opvoedkundige Hulpdiens kan 'n sinvolle bydra lewer deur by die onderrig en opvoeding van elke kind betrokke te wees. Die Diens kan volgens Steyn (1985 : 2) "nie probleme afwag en slegs

optree wanneer die enkeling hom binne die skoolsituasie opvallend maak en per TOD 157 aangemeld word nie. In daardie geval is dit dikwels te laat en prognose vir hulpverlening uiters skraal".

Die Opvoedkundige Hulpdiens moet met die primêre en sekondêre opvoeders saamwerk om so as span die belange van elke leerling effektief te dien (Pelser, 1989).

## 4.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die Skoolvoorligtingstelsel van die Transvaalse Onderwysdepartement kortliks bespreek. Dit val op dat veral twee sake besondere aandag moet geniet, naamlik die uitkenning, plasing en groepering van leerlinge en die saak van voorligting.

Die Transvaalse Onderwysdepartement maak breed gesproke voorsiening vir 'n Algemene- en 'n Gespesialiseerde Voorligtingsdiens. Die Algemene voorligtingsprogram word deur primêre- en sekondêre skole behartig en bestaan uit verskillende komponente.

Gespesialiseerde voorligting word behartig deur die personeel van die Opvoedkundige Hulpdiens en sluit gespesialiseerde opvoedkundige, persoonlike en beroepskundige hulp aan alle leerlinge op wie dit van toepassing mag wees.

Effektiewe hulpverlening is egter alleen moontlik wanneer almal wat met die onderrig en opvoeding van die leerling gemoeid is, gesamentlik as vennote daaraan sal werk.

# HOOFSTUK 5

# IMPLIKASIES WAT DIE NEDERLANDSE SKOOLVOORLIGTINGSSTELSEL VIR SKOOLVOORLIGTING IN DIE RSA INHOU EN AANBEVELINGS IN HIERDIE VERBAND

## 5.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk word gewy aan implikasies wat die Nederlandse Skoolvoorligtingstelsel vir Skoolvoorligting in die RSA inhou.

Om daarby uit te kom, sal dit ten eerste noodsaaklik wees om eise te bepaal waaraan 'n skoolvoorligtingstelsel moet voldoen. Hiermee word gepoog om leemtes of knelpunte wat in die huidige skoolvoorligtingspraktyke in die RSA bestaan, aan te vul met die insigte wat na vore getree het tydens die ondersoek van die Nederlandse skoolvoorligtingstelsel.

## 5.2 EISE AAN 'N SKOOLVOORLIGTINGSTELSEL

Na aanleiding van 'n literatuurstudie word bepaalde eise aan 'n skoolvoorligtingstelsel kortliks uitgelig:

(1) Skoolvoorligting moet voorsiening maak vir persoonlik-, opvoedkundige- en beroepsvoorligting vir die leerling. Hierdie drie aspekte van skoolvoorligting as opvoedingshandeling kan wel onderskei word, maar is nooit absoluut skeibaar van mekaar nie. Skoolvoorligting moet dus in totaliteit bydra tot die breë onderwys en opvoeding van die leerling (Kruger, 1980 : 11-17 ; RGN, 1976c : 20 ; RGN, 1976b : 20).

(2) Skoolvoorligting moet tred hou met 'n snel veranderende

samelewing en kultuur. Die sosiale, politieke en ekonomiese veranderinge laat die leerling onseker voel oor die toekoms en sy rol daarin. Dit is daarom van kardinale belang dat skoolvoorligting en die opleiding van skoolvoorligters tred sal hou met hierdie veranderinge (Denouden, 1986 ; Jones et al, 1970 : 104,105 ; Tolbert, 1980 : 3).

(3) Skoolvoorligting moet 'n deurlopende proses wees en nie 'n insidentele handeling nie. Dit is nie 'n opvoedingshandeling wat net in sekere stadiums van die leerling se lewe van belang is nie, maar is eerder 'n kontinue handeling (Loermans en Winkels, 1986 : 71-195 ; Muro, 1970 : 1-15).

(4) Skoolvoorligting beoog die ontwikkeling van die totale individu en nie net sy akademiese vordering nie. Voorligtingsbemoeienis moet voorsiening maak vir differensiasie, dit wil sê individuele verskille moet erken word (Bernard et al, 1969 : 2 ; RGN, 1976f : 80 ; Hoefnagel, 1986).

(5) Om skoolvoorligting tot sy reg te laat kom, is doeltreffende fisiese fasiliteite by primêre- en sekondêre skole van groot belang (Gibson en Mitchell, 1981 : 1-77 ; Kruger, 1974 : 3-8).

(6) In skoolvoorligting is die skoolvoorligter die middelpunt van die skoolvoorligtingsprogram. Hierdie program moet, om dit te bereik waarvoor dit ontwerp is, behoorlik georganiseer en gekoördineer word. Skoolvoorligting moet gesien

word as 'n geïntegreerde deel van die totale opvoedkundige program (Jones et al, 1970 : 87 ; Muro, 1970 : 1 ; Anon., 1984 : 364).

(7) Leerlinge wat meer gespesialiseerde hulp nodig het, moet deur die skoolvoorligter verwys word vir gespesialiseerde voorligting (RGN, 1976b : 26 ; Loermans en Winkels, 1986 : 71-195 ; Denouden, 1986).

(8) As sentrale doelstelling het skoolvoorligting te doen met die welsyn en ontwikkeling van die leerling. Dit impliseer begeleiding van elke leerling gedurende sy totale skoolloopbaan ten einde by elke keusemoment in staat te wees om 'n verantwoordbare onderwyskeuse te kan doen. Die skool moet dus behalwe vakonderrig ook ander hulpdienste lewer sodat alle leerlinge, elkeen met sy eie spesifieke probleme, tot selfverwesenliking kan kom (O'Maonaigh, 1986 ; Aanen, 1986 ; Loermans en Winkels, 1986 : 71-195).

(9) Besondere klem moet gelê word op die opleiding en ontwikkeling van skoolvoorligters op akademiese, organisatoriese, bestuursmatige en ander gebiede soos byvoorbeeld onderhoudvoering. Benewens 'n teoreties-gefundeerde opleiding, moet die waarde van praktiese onderwys vir skoolvoorligters beklemtoon word (TOD, 1988 : 11).

(10) Formele skakeling tussen onderwysowerhede en die privaatsektor (buite-instansies) (Hoefnagel, 1986 ; Pere en Sanders,

1986 : 11 ; RGN, 1976f : 81,82).

(11) Die begeleidingsfunksie van skoolvoorligting moet nie net ten aansien van die leerlinge uitgeoefen word nie, maar ook ten aansien van hul ouers en onderwysers (Pelser, 1989 ; Buys, 1986 : 157-163).

(12) Skoolvoorligting moet voorsiening maak vir individuele- en groepsvoorligting (Kruger, 1979 : 7-9 ; RGN, 1976e : 17).

(13) Opsporingsondersoeke moet gedoen word om uitvalle uit te wys in die persoonstruktuur van leerlinge wat probleme ondervind, asook intensiewer individuele gespesialiseerde ondersoeke, uitgevoer met die doel om die leerlinge beter te leer ken en sy probleme te deurgrond met die oog op uitkenning, plasing en groepering (RGN, 1976f : 83,84 ; Denouden, 1986).

(14) Skoolvoorligting moet die leerling begelei in sy ontwikkeling na volwassenheid en wel ten aansien van beplanning, besluitneming, en probleemoplossing op die terrein van die beroepstoekoms en die eie persoonstruktuur (Loermans en Winkels, 1986 : 71-195 ; Dankers, 1986).

(15) Informasiestukke oor studie- en beroepskeuse en ander verwante bronne van belang vir Voorligting moet aan die leerlinge beskikbaar gestel word. Hierdie inligting moet logies gerangskik wees in die voorligtingslokaal (Dankers, 1986 ; Jongsma, 1986 ; Kruger, 1974 : 5-8).

(16) Skoolvoorligting is bedoel vir alle leerlinge, sodat leerlinge, elkeen met sy eie spesifieke probleme, tot selfverwesenliking kan kom (Jones et al, 1970 : 104 ; Pere en Sanders, 1985 : 11 ; Anon., 1986a : 5).

(17) Die skool, ouers en ander instansies en organisasies moet op 'n verantwoordbare wyse saamwerk met 'n doelbewuste beplanning van beskikbare hulp deur almal wat op verantwoordbare wyse 'n bydrae kan lewer (Pelser, 1989 ; Steyn, 1985 : 2 ; Muro, 1970 : 14,15).

(18) Skoolvoorligting op enige opvoedkundige vlak moet in die raamwerk van die skool wat dit dien inpas (Jones et al, 1970 : 106 ; Tolbert, 1980, : 3 ; Bernard et al, 1969 : 8).

(19) Voortdurende navorsing en ontwikkeling van skoolvoorligting is uiters belangrik (Feingold, 1979 : 2 ; Nel, 1981 : 428, 429).

5.3 KNELPUNTE EN PLUSPUNTE VAN SKOOLVOORLIGTING IN DIE RSA

Na aanleiding van bepaalde eise wat aan 'n skoolvoorligtingstelsel gestel is, tesame met 'n ondersoek in hierdie verband van die Skoolvoorligtingstelsel in Nederland, word daar vervolgens gepoog om op knelpunte en pluspunte te dui van Skoolvoorligting in die RSA.

5.3.1 Knelpunte van skoolvoorligting in die RSA

(1) Skoolhoofde het ontoereikende kennis van die waarde en plek van beroepsvoorligting (Steyn, 1980 : 2-8).

(2) Daar word afgewyk van die voorgeskrewe tydstoekenning op die skoolrooster (RGN, 1981 : 104-107).

(3) Skoolhoofde neem soms 'n neutrale houding in ten opsigte van beroepsvoorligting (Steyn, 1980 : 2-8 ; Nel, 1981 : 351-353).

(4) Skakeling en kommunikasie met personeel (deur die skoolhoof en die departementshoof : opvoedkundige leiding) betrokke by beroepsvoorligting is ontoereikend (Steyn, 1985 : 11 ; De Lange, 1988 : 20).

(5) Voorligtingsposte word meesal deur onervare en nie-toepaslik opgeleide onderwysers gevul (RGN, 1981 : 104-107).

(6) Weens die feit dat baie skoolvoorligters deur die skoolhoof versoek word om skoolvoorligting aan te bied sonder opleiding, bestaan daar gebrekkige kennis aangaande die inhoud van die beroepsvoorligtingsprogram en geringskatting van die waarde van beroepsvoorligting by baie skoolvoorligters.

(7) Bestaande leergange in beroepsvoorligting word by baie skole nie behoorlik geïmplementeer nie (De Lange, 1988 : 7 ; Buys, 1986 : 183).

(8) Voorligtingslokale is dikwels ontoereikend om skoolvoorligting tot sy reg te laat kom (Kruger, 1975 : 22).

(9) Onvoldoende fisiese fasiliteite en oorbelading van werk belemmer doeltreffende organisasie van skoolvoorligting (Kruger, 1974 : 3-8 ; De Lange, 1987 : 1-8).

(10) By talle skole word daar nie op die skoolrooster voorsiening gemaak vir voldoende onderhoudsperiodes nie (Erasmus, 1987 : 1).

(11) Daar bestaan ontoereikende hulp met betrekking tot die organisering, instandhouding en beskikbaarstelling van beroepsinligting by sekondêre skole (Jones et al, 1970 : 87 ; Kruger, 1974 : 6,7).

(12) Vanweë die omvang van hulle taak en die groot aantal skole, is dit vir die inspekteurs (tans Superintendente) van onderwys (Beroepsvoorligting) onmoontlik om behoorlik beheer en kontrole oor beroepsvoorligting uit te oefen (RGN, 1981 : 104-107).

(13) Daar bestaan onvoldoende skakeling tussen onderwysowerhede en die privaatsektor (RGN, 1976d : 53 ; RGN, 197 :

22-44 ).

(14) Marnitz (1974 : 74) beweer dat alhoewel die voogstelsel 'n stap in die regte rigting is, die huidige stelsel baie beperkinge het en meesal nie 'n bevredigende kontaksituasie of vennootskapverhouding daarstel nie.

5.3.2 Pluspunte van skoolvoorligting in die RSA

(1) Daar bestaan 'n vasgestelde Voorligtingsprogram by skole (Vgl. par. 4.4.1 en 4.4.2) (De Lange, 1987 : 1).

(2) Die skoolvoorligtingsprogram binne die onderwysstelsel maak voorsiening vir persoonlike-, opvoedkundige- en beroepsvoorligting (Steyn, 1986 : 18).

(3) Leerlinge met besondere probleme kan verwys word na Opvoedkundige Hulpdienste vir gespesialiseerde hulp (Pelser, 1989).

(4) Om skoolvoorligters en hoofde van skole op hoogte van sake te hou, word oriënterings- en streekkursusse deur die Transvaalse Onderwysdepartement aangebied (Schutte, 1988 : 1 ; Erasmus, 1987 : 1).

(5) Indiensopleiding van personeel betrokke by skoolvoorligting geskied op gereelde basis deur middel van vakvergaderings (Pelser, 1989).

(6) Skoolvoorligting maak voorsiening vir 'n voogstelsel. In hierdie stelsel doen die onderwyser opvoedingswerk in 'n besondere hoedanigheid, naamlik as voog (Erasmus, 1987 : 1).

(7) Ouer- en inligtingsaande word volgens behoefte aan primêre- en sekondêre skole gereël om belangrike sake rakende skoolvoorligting aan die ouers deur te gee (Pelser, 1989).

Daar word nou verder aandag gegee aan pluspunte van die skoolvoorligtingstelsel wat in die praktyk as algemene kennis beskou kan word.

(8) Opvoedkundige uitstappies, veral met betrekking tot beroepsvoorligting, word vir sekondêre skole gereël deur die Skoolreisdiens.

(9) Tersiêre inrigtings voorsien sekondêre skole op 'n gereelde basis met jaarboeke en ander verwante inligtingstukke in verband met studiekeuses.

(10) Daar word jaarliks loopbaanuitstallings deur sekondêre skole aangebied (of bygewoon) waarby leerlinge van die nodige inligting voorsien word in verband met studie- en beroepskeuses.

(11) Leierskursusse en veldskole (met die oog op die identifisering van leiers) word jaarliks deur onderwysdepartemente gereël.

(12) Die Opvoedkundige Hulpdienste van die Transvaalse Onderwysdepartement is primêre en sekondêre skole behulpsaam met gereelde toetsing van leerlinge se intelligensie, belangstelling, ens.

## 5.4 IMPLIKASIES WAT DIE NEDERLANDSE SKOOLVOORLIGTINGSTELSEL VIR DIE RSA INHOU EN AANBEVELINGS IN HIERDIE VERBAND

Na aanleiding van hoofstukke 2 en 3, word gewys op bepaalde implikasies wat die Nederlandse skoolvoorligtingstelsel vir skoolvoorligting in die RSA inhou, en bepaalde aanbevelings word in hierdie verband gemaak.

### 5.4.1 Implikasies vanuit die onderwys en aanbevelings in hierdie verband

#### 5.4.1.1 Die instel van 'n brugperiode (Vgl. par. 2.4.4)

In Nederland bestaan daar 'n brugperiode tussen primêre- en sekondêre onderwys om die oorgang meer soepel te laat verloop. Met so 'n brugperiode word die begaafdheid en belangstelling van die leerling gepeil, leerlinge word georiënteer ten opsigte van die aansluiting tussen primêre- en sekondêre onderwys en 'n seleksie van 'n onderwysvorm of studierigting word gedoen op grond van die prestasie van die leerling. Vir skool-

voorligting impliseer dit dat die skoolvoorligter saam met die leerling op 'n meer intensiewe wyse sy studierigting en beroepskeuse vorentoe beplan.

Aanbeveling :

In die onderwysstelsel van die RSA kan 'n brugperiode inpas tussen standerd 5 en standerd 8, dit wil sê standerd 6 en 7 by sekondêre skole. Die sukses waarmee die brugperiode geïmplementeer word sal in 'n hoë mate die sukses van die leerling se studierigting en beroepskeuse bepaal.

5.4.1.2 Die plasing van koördineerders by die brugperiode (Vgl. par. 2.4.4, 2.4.5.1 en 3.3.4)

Opgeleide persone (wat as koördineerders optree by die brugperiode) se taak is om die leerlinge intensief te bestudeer en hulle by te staan by die neem van belangrike besluite vir hulle toekoms.

Aanbeveling :

Onderwysers wat as koördineerders optree by die brugperiode moet gespesialiseerde opleiding ontvang wat hulle in staat sal stel om leerlinge op korrekte wyse te observeer, hulle met die nodige advies te dien ten opsigte van skool-, studie- en beroepskeuse en om die weg te wys aan leerlinge in die nuwe skoolsituasie.

5.4.1.3 Die stigting van 'n vereniging vir skoolvoorligters (Vgl. par. 3.3.6.2)

In Nederland bestaan daar 'n vereniging waaraan skoolvoorligters kan behoort. Eerstens kan die doel van so 'n vereniging wees om te streef na die aanbieding van "ideale" voorligting en tweedens om die belange van die skoolvoorligters te hanteer.

Aanbeveling :

Binne die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad) behoort 'n landwye vereniging vir skoolvoorligters gestig te word, met besondere fokus op provinsiale vlak, waar die klem van die uitvoerende onderwysdepartement lê. Dit behoort nie net by te dra tot meer erkenning op die gebied van skoolvoorligting nie, maar behoort ook 'n positiewe invloed uit te oefen op die skoolvoorligtingstelsel van die RSA. Deur middel van so 'n vereniging kan daar positiewe bydraes gelewer word tot die formulering van doelstellings en doelwitte met betrekking tot skoolvoorligting, om 'n analise te maak van knelpunte in die huidige skoolvoorligtingstelsel en om moontlike oplossings daarvoor te vind.

5.4.1.4 Vertikale- en horisontale deurstromingsmoontlikhede (Vgl. par. 2.4.1)

Vertikale- en horisontale deurstromingsmoontlikhede bestaan binne die Nederlandse onderwysstelsel met of

sonder min verlies van 'n studiejaar. Dit beteken dat daar vryheid van beweging bestaan om na verskillende skooltipes en vlakke te beweeg. Met die brugperiode of vrye beweging van leerlinge word hoofsaaklik rekening gehou met begaafdheid, skoolvordering en belangstelling (vgl. diagram 2). Vir skoolvoorligting impliseer dit dat die skoolvoorligter, in samewerking met die brugklaskoördineerder, sal toesien dat leerlinge wat van vakpakkette of studierigting wil verander, horisontaal of vertikaal kan deurstroom.

Aanbeveling :

Horisontale- en vertikale deurstromingsmoontlikhede kan binne die onderwysstelsel ingestel word sodat leerlinge na verskillende skooltipes of vlakke van onderwys kan deurstroom (vgl. par. 2.4.1 en diagram 2). Hierdie deurstroming is slegs moontlik indien aanpassings in die onderwysstelsel in die RSA gemaak word.

5.4.1.5 Skoolvoorligtingsposte
(Vgl. par. 3.3.6)

By skole vir voortgesette onderwys in Nederland is skoolvoorligters (skooldekane) die enigste personeellede wat vir dié taak opgelei is. Vir skoolvoorligting impliseer dit dat skoolvoorligtingsposte deur opgeleide onderwysers gevul kan word.

Aanbeveling :

Veral by sekondêre skole, behoort die Transvaalse Onderwysdepartement skoolvoorligters (en departementshoofde opvoedkundige leiding) wat opgelei is vir dié taak, in voorligtingsposte aan te stel.

5.4.2 Implikasies met betrekking tot buite-instansies (nie-onderwysinstansies) en aanbevelings in hierdie verband

5.4.2.1 Betrokkenheid van buite-instansies

Betrokkenheid van buite-instansies, veral die privaatsektor, wat hulle direk of indirek besig hou met voorligting, veral skoolvoorligting, is opvallend in Nederland. Die meeste van hierdie instansies poog om onbevooroordeelde voorligting te gee (sonder 'n werwingsmotief) ten opsigte van skool- en beroepsvoorligting.

Aanbeveling :

In die voorsiening van formele en nie-formele onderwys in die RSA, kan die Staat nie meer alle verantwoordelikheid aanvaar nie. Die privaatsektor kan deur meer betrokkenheid ten opsigte van skool- en beroepskeusevoorligting, saam met die Staat medeverantwoordelikheid aanvaar vir die voorsiening van hierdie aspek van nieformele onderwys. Op so 'n wyse kan die privaatsektor bydra tot 'n positiewe ekonomiese ontwikkeling met in-

agneming van die mannekragbehoeftes van die RSA.

5.4.2.2 Streeksvoorligtingsentrums vir algemene- en beroepsvoorligting (Vgl. par. 3.4.1 en 3.4.2)

In Nederland is daar talle Streeksvoorligtingsentrums wat voorsiening maak vir algemene- en beroepsvoorligtingsbehoeftes van die leerlinge. Elk van hierdie instansies is ook volledig toegerus met 'n informasiesentrum. Hierdie Streeksvoorligtingsentrums hou hulle veral besig met sake soos werkverskaffing, skoling, herskoling, omskoling, aanvullende werksgeleenthede, beroepsvoorligting en beroepskeusevoorligting.

Aanbeveling :

Streeksvoorligtingsentrums, elk met 'n volledig toegeruste informasiesentrum, behoort op die been gebring te word sodat hulle voorsiening kan maak vir die algemene- en beroepsvoorligtingsbehoeftes van die leerlinge. Professionele persone kan hierdie sentrums beman sodat aan die leerlinge professionele advies en inligting verskaf kan word ten aansien van studie- en beroepskeusevoorligting.

5.4.2.3 "Ope dae" vir leerlinge (Vgl. par. 3.3.5)

In Nederland word daar deur middel van 'n jaarlikse publikasie, wat bekend staan as "Voorlichtingsdagen", dae gereël (sogenaamde "ope dae") waarby skole, tersiêre inrigtings, die privaatsektor en ander nie-

onderwysinstansies inskakel om informasie oor studie- en beroepskeuse aan leerlinge te verskaf.

Aanbeveling :

In samewerking met die onderwysdepartemente behoort daar inligtingsdae (voorligtingsdae) gereël te word waarby skole, tersiêre inrigtings, die privaatsektor en ander nie-onderwysinstansies inspraak kan lewer. Indien die skoolvoorligter, op versoek van die leerling, 'n afspraak by 'n bepaalde instansie of inrigting gereël het, behoort die leerling toegelaat te word om dié voorligtingsdag in skooltyd by te woon. Leerlinge kan byvoorbeeld beperk word tot enkele voorligtingsdae per jaar.

5.4.2.4. Die daarstelling van 'n vaktydskrif
(Vgl. par. 3.3.6.3)

Skoolvoorligters in Nederland word maandeliks op hoogte gehou met die nuutste verwikkelinge op die gebied van skoolvoorligting deur middel van 'n tydskrif, die "Dekanoloog".

Aanbeveling :

'n Vaktydskrif behoort vir skoolvoorligters in Suid-Afrika daargestel te word waarmee hulle op hoogte gehou kan word van die nuutste verwikkelinge op die gebied van skoolvoorligting. Op hierdie wyse kan die voorligter homself beter toerus.

## 5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is eise aan 'n skoolvoorligtingstelsel gestel, knelpunte en pluspunte van skoolvoorligting in die RSA bespreek, op implikasies gewys en aanbevelings gemaak.

Die klem het eerstens geval op die eise waaraan 'n skoolvoorligtingstelsel moet voldoen. Die rede hiervoor is dat die sukses vir die organisering van 'n skoolvoorligtingstelsel vir die RSA in 'n groot mate bepaal sal word deur bepaalde eise wat as riglyn gebruik word.

Daar is gewys op knelpunte en pluspunte van skoolvoorligting in die RSA.

Na aanleiding van 'n feitelike beskrywing van die Nederlandse onderwyskundige struktuur en skoolvoorligtingstelsel (hoofstukke 2 en 3), is daar gewys op implikasies wat hierdie stelsel vir skoolvoorligting in die RSA inhou. Dit kan gesien word as 'n poging om die leemtes in die bestaande skoolvoorligtingstelsel van die RSA aan te vul met nuwe insigte wat na vore gekom het tydens die ondersoek.

Ten slotte is daar in hierdie verband bepaalde aanbevelings gemaak waar Skoolvoorligting, as onderdeel van die onderwys in die RSA, by die Nederlandse onderwyskundige struktuur en skoolvoorligtingstelsel kan baat.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING

Die doel wat met die inleidende hoofstuk nagestreef is, was om die leser met die probleemstelling, doel van navorsing, metodologie en die struktuur van die verslag bekend te stel.

Die doelstellings vir hierdie navorsing is in hoofstuk 1 (par. 1.3) soos volg saamgevat word :

1. Om vas te stel hoedanig die huidige skoolvoorligtingstelsel van Nederland daar uitsien.
2. Om vas te stel hoedanig die huidige skoolvoorligtingslelsel van Suid-Afrika (slegs Blanke onderwys) tans daar uitsien.
3. Die stel van bepaalde kriteria vir 'n doeltreffende skoolvoorligtingstelsel.
4. Om na aanleiding van 'n studie van die Nederlandse skoolvoorligtingstelsel te bepaal watter toepaslikheid dit het vir 'n skoolvoorligtingstelsel vir die RSA.

Die ondersoek word tot die volgende hoofterreine beperk :

1. 'n Oorsigtelike beskrywing van die onderwyskundige struktuur in Nederland.
2. 'n Oorsigtelike beskrywing van die interne skoolvoorligting in Nederland.
3. Die werkterrein van ander instansies met betrekking tot skoolvoorligting in Nederland.
4. 'n Beskrywing van skoolvoorligting in Suid-Afrika.
5. Die opstel van kriteria vir 'n doeltreffende skoolvoorligtingstelsel.

6. Implikasies wat die Nederlandse skoolvoorligtingstelsel vir skoolvoorligting in die RSA inhou.
7. 'n Besinning oor die toepaslikheid van sekere aspekte van die Nederlandse skoolvoorligtingstelsel op die onderwyskundige struktuur in die RSA.

Die ontwikkeling na die invoering van die Mammoetwet (wet op voortgesette onderwys) is in hoofstuk 2 bespreek aan die hand van die volgende (vgl. par. 2.1) :

* deurstroming in die onderwys
* buitengewone- of spesiale onderwys
* basisonderwys
* die brugjaar of brugperiode
* voortgesette onderwys
* die onderwyskundige struktuur in Nederland

Aandag is gegee aan begrippe en afkortings om die onderwyskundige struktuur in Nederland in perspektief te plaas. Die belangrikste gedagtes van die Mammoetwet, wat gelei het tot die totstandkoming van één stelsel in Nederland, is beklemtoon. Daar is aangetoon hoe die verskillende kategorieë van hoofstroomonderwys in Nederland daar uitsien en gewys op die plek wat elk in die onderwysstruktuur inneem.

Die doel van basisonderwys is om 'n fondament te lê vir voortgesette onderwys. Die eerste skooljaar van voortgesette onderwys bestaan uit 'n brugperiode. Hierdie brugperiode verdeel oor die algemeen na een jaar in verskillende bane (strome), naamlik VWO

(Voorbereidende Wetenskaplike Onderwys), HAVO (Hoër Algemene Voortgesette Onderwys), MAVO (Middelbare Algemene Voortgesette Onderwys) en LAVO/LBO (Laer Algemene Voortgesette Onderwys/ Laer Beroepsonderwys). Binne voortgesette onderwys bestaan daar verskillende deurstromingsmoontlikhede waar leerlinge kan deurstroom van die een baan na 'n ander baan en van die een skooltipe na 'n ander skooltipe. Voortgesette onderwys bied toegang tot universiteite en hoërskole (tersiêre inrigtings) vir verdere opleidingsmoontlikhede. Die skooltipe binne voortgesette onderwys bepaal egter watter opleidingsmoontlikhede vanuit hierdie bane gevolg kan word.

Die skoolvoorligtingsdienste in Nederland is in hoofstuk 3 in drie hoofparagrawe ontleed. Daar is ten eerste 'n verduideliking van die belangrikste begrippe gegee. Daarna is skoolvoorligting in verskillende skoolkontekste behandel. In die laaste afdeling is verskillende fasette van die skooldekaan (skoolvoorligter) se werk onder die loep geneem.

Verskillende skoolvoorligtingsdienste binne en buite die Nederlandse onderwys is bespreek. Binne skoolverband het dit geblyk dat brugklaskoördineerders, mentors en skooldekane skoolvoorligting behartig. By skole vir voortgesette onderwys is skooldekane die enigste personeellede wat vir dié taak opgelei is. Dit is die skooldekaan se verantwoordelikheid om na die belange van die leerlinge om te sien ten aansien van studierigting, samestelling van die vakpakket en beroepskeuse. Die voorligtingsprogram vir voortgesette onderwys op skole word gekoördineer deur die skool-

dekaan en sluit in : voorbereidende algemene oriënterende- en gespesialiseerde beroepsvoorligting.

Buite die onderwys is dit nie net die owerheid nie, maar ook die privaatsektor wat hulle besig hou met skoolvoorligting, veral beroeps- en beroepskeusevoorligting. Die belangrikste voorligtingsdienste buite die onderwys is die "Gewestelijke Arbeidsburo's en die Besondere Beroepsburo's (vir voortgesette onderwys) en Skoolbegeleidingsdienste (vir basisskole).

Om te bepaal watter toepaslikheid die Nederlandse skoolvoorligtingstelsel vir die RSA het, is die skoolvoorligtingstelsel van die RSA, met spesisle verwysing na die skoolvoorligtingstelsel van die Transvaalse Onderwysdepartement, in hoofstuk 4 bespreek.

Die Transvaalse Onderwysdepartement maak voorsiening vir 'n Algemene- en 'n Gespesialiseerde Voorligtingsdiens. In die primêre skool bestaan die Voorligtingsprogram uit voogwerk, die noodplan en opvoedkundige leiding. Onder leiding van die skoolhoof word die departementshoof : opvoedkundige leiding verantwoordelik gehou vir die organisasie en die doeltreffende implementering van die totale program. In die sekondêre skool bestaan die Voorligtingsprogram uit die voogprogram, die beroepsvoorligtingsprogram, die noodplan, die geestesweerbaarheidsprogram en die program vir fisieke aktiwiteite.

Gespesialiseerde voorligting word behartig deur die personeel van die Opvoedkundige Hulpdienste en sluit gespesialiseerde opvoed-

kundige, persoonlike en beroepskundige hulp aan die leerlinge op wie dit van toepassing mag wees. Effektiewe hulpverlening is egter alleen moontlik wanneer almal wat met die onderrig en opvoeding van die leerling gemoeid is, gesamentlik as vennote daaraan sal saamwerk.

In hoofstuk 5 is besin oor die toepaslikheid van sekere aspekte van die Nederlandse skoolvoorligtingstelsel op die onderwysstelsel in die RSA. Hierdie hoofstuk is in drie hoofparagrawe ontleed. Daar is ten eerste eise gestel waaraan 'n skoolvoorligtingstelsel moet voldoen. Daarna is gewys op knelpunte en pluspunte van skoolvoorligting in die RSA. In die laaste afdeling is daar gewys op implikasies wat hierdie stelsel vir die RSA inhou. In hierdie verband is daar bepaalde aanbevelings gemaak waar Skoolvoorligting, as onderdeel van die onderwys in die RSA, by die Nederlandse onderwyskundige struktuur en skoolvoorligtingstelsels kan baat.

Met die insigte wat na vore getree het tydens die ondersoek, is daar op bepaalde aspekte in die Nederlandse skoolvoorligtingstelsel gewys wat vir die Suid-Afrikaanse onderwys van belang kan wees. Bepaalde aanbevelings vanuit die onderwys en met betrekking tot buite-instansies (nie-onderwysinstansies) is gemaak, en word kortliks uiteengesit:

1. In die onderwystelsel van die RSA kan 'n brugperiode inpas tussen standerd 5 en standerd 8, dit wil sê standerd 6 en 7.
2. Onderwysers wat as kanaliseerders optree by die brugper-

iode moet gespesialiseerde opleiding ontvang.

3. Binne die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad) behoort 'n landwye vereniging vir skoolvoorligters gestig te word, met besondere fokus op provinsiale vlak, waar die klem van die uitvoerende onderwysdepartement lê.
4. Horisontale- en vertikale deurstromingsmoontlikhede kan binne die onderwysstelsel ingestel word sodat leerlinge ná goeie voorligting na verskillende skooltipes of vlakke kan deurstroom.
5. In die voorsiening van formele en nie-formele onderwys in die RSA, kan die Staat nie meer alle verantwoordelikheid aanvaar nie. Die privaatsektor kan deur meer betrokkenheid ten opsigte van skool- en beroepskeusevoorligting, saam met die Staat medeverantwoordelikheid aanvaar vir die voorsiening van hierdie aspekte van nie-formele onderwys.
6. Streeksvoorligtingsentrums, elk met 'n volledig toegeruste informasiesentrum, behoort op die been gebring te word sodat hulle voorsiening kan maak vir die algemene- en beroepsvoorligtingsbehoeftes van die leerlinge.
7. In samewerking met die onderwysdepartemente behoort daar inligtingsdae (voorligtingdae) gereël word waarby skole, tersiêre inrigtings, die privaatsektor en ander nie-onderwysinstansies inspraak kan lewer.
8. 'n Vaktydskrif behoort vir skoolvoorligters in Suid-Afrika daargestel te word waarmee hulle op die hoogte gehou kan word van die nuutste verwikkelinge op die gebied van

skoolvoorligting.

Verdere navorsing behoort onderneem te word om die moontlikheid te ondersoek na die instel van 'n brugperiode by sekondêre skole. Ondersoek behoort ook ingestel te word na die opleiding van skoolvoorligters in die RSA.

Met hierdie studie word daar nie aanspraak gemaak op gespesialiseerdheid of volledigheid nie, maar word die hoop uitgespreek dat dit 'n bydrae sal lewer tot Skoolvoorligting in die RSA.

# SCHOOL COUNSELLING IN THE NETHERLANDS AND THE IMPLICATIONS THEREOF FOR THE RSA

## SUMMARY

Effective provision of school counselling as an integrated part of the overall educational system of South Africa is essential. Counselling in its present form has not been clearly defined yet. This fact can lead to possible generalization and superficiality in the presentation thereof.

In this study an effort was made to give an account of the present educational and school counselling system of the Netherlands, by means of the descriptive method.

The school counselling service in the abovementioned country was analised as follows : at the onset a few important contextual concepts were defined. School counselling was then discussed as it exists in the different school contexts. Finally the emphasis was on the school counselling post itself. The various aspects of the school counsellor's work were discussed.

The school counselling system of the Republic of South Africa was described next, with specific reference to the current manifestation of counselling as implemented by the Transvaal Education Department.

A comparison was drawn between the educational and school

counselling service of the Netherlands and that of the RSA. A list of requirements to which a school counselling service must comply, was also compiled. By using these requirements as guidelines, a few problem areas, as well as positive attributes of school counselling in the RSA, were identified.

New insight gained after the study of the school counselling service of the Netherlands and the identification of certain problem areas or deficiencies in that of the RSA, led to a few recommendations concerning school counselling in the RSA.

BIBLIOGRAFIE

AANEN, J.A. 1986. Mondelinge mededeling aan outeur. Waddinxveen. (Kassetopname in besit van outeur.)

AKADEMIE MENS ARBEID (Instituut). 1985. Studie-informatie. Tilburg.

AKADEMIE MENS ARBEID (Instituut). 1986. AMA in beweging. Tilburg.

ANON. 1982. Swart onderwys word mondig. Suid-Afrikaanse Panorama , 27(7) : 36 - 43, Jul.

ANON. 1984. Dekanoloog: Oriëntatie op studie, beroep en keuzebegeleiding. Culemborg : Educaboek.

ANON. 1984-1985a. Oriëntatie in studie- en beroepenkeuze. Keuze begeleiding 1. HAVO/VWO editie. s.l. : Educaboek.

ANON. 1984-1985b. Oriëntatie in studie- en beroepenkeuze. Keuze begeleiding 2. HAVO/VWO editie. s.l. : Educaboek.

ANON. 1986. De Nascholingskrant. Informatie na scholing 86/87. s.l. : Mollerinstituut.

ANON. 1986. Straks studeren ?. Ga studeren. Den Haag.

ANON. 1986-1987a. Oriëntatie in studie- en beroepenkeuze. Keuze begeleiding 1. HAVO/VWO editie. s.l. : Educaboek.

ANON. 1986-1987b. Oriëntatie in studie- en beroepenkeuze. Keuze begeleiding 2. HAVO/VWO editie. s.l. : Educaboek.

ANON. 1986-1987c. Oriëntatie in studie- en beroepenkeuze. Keuze begeleiding 3. HAVO/VWO editie. s.l. : Educaboek.

ANON. 1986-1987d. Oriëntatie in studie- en beroepenkeuze. Keuze begeleiding 4. HAVO/VWO editie. s.l. : Educaboek.

ANON. 1986-1987e. Oriëntatie in studie- en beroepenkeuze. Keuze begeleiding 5. HAVO/VWO editie. s.l. : Educaboek.

ANON. 1986-1987f. Oriëntatie in Studie- en beroepenkeuze. Keuze begeleiding 6. HAVO/VWO editie. s.l. : Educaboek.

ANON. 1986. Voorlichtingsdagen 86/87. Brochure voor 4 en 5 HAVO en 5 en 6 VWO. Den Haag : Lcas.

ANON. 1987. Studeren '87. Voor 5 HAVO en 6 VWO. Den Haag.

BARNARD, M.S.P.C. 1975. Die ortopedagogiese opgawe van die primêre skool. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - Universiteit van Pretoria.)

BERNARD, H.W. & FULLER, D.W. 1969. Principles of guidance : a basic text. Scranton : International Textbook.

BUYS, P.J. 1986. Strukture wat onderwysadviseur-ouerskakeling bemoontlik. Potchefstroom. (Skripsie (M.Ed.) - PU vir CHO.)

CENTRALE DIREKTIE VOORLICHTING VAN HET ONDERWIJS EN WETENSCHAPPEN. 1977. Wet op het Voortgezet Onderwijs en Overgangswet WVO. 5de Druk. s'Gravenhage : Staatsdrukkerij.

CENTRALE DIREKTIE VOORLICHTING, BIBLIOTHEEK EN DOCUMENTATIE. 1986. Tussen basisschool en hoger onderwijs : schooljaar 1986-1987. s'Gravenhage : Staatsdrukkerij.

DANKERS, J. 1986. Mondelinge mededeling aan outeur. Waddinxveen. (Kassetopname in besit van outeur.)

DE LANGE, B.J. 1987. Die DSO se pligstaat met spesiale verwysing na beroepsleiding. Streekkursus in beroepsleiding in primêre skole : lesing nr. 1, April 1987. Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

DE LANGE, B.J. 1988. Die beroepsvoorligtingsprogram in die klaskamer en samewerking met die opvoedkundige hulpdiens. Streekskursus in beroepsleiding sekondêre skole : lesing nr. 2, Mei 1988. Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

DENOUDEN, B. 1986. Mondelinge mededeling aan outeur. Gouda. (Kassetopname in besit van outeur.)

ERASMUS, A.C. 1987. Die voogstelsel en onderhoudvoering in die praktyk. Streekskursus in beroepsleiding vir primêre skole : lesing nr. 2. Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

FEINGOLD, S.N. 1979. Counseling for careers in the 1980's. Garrett Park, Md. : Garrett Park Press.

GIBSON, R.L. & MITCHELL, M.H. 1981. Introduction to guidance. New York : McMillan.

HOEFNAGEL, H.J.M. 1986. Mondelinge mededeling aan outeur. Tilburg. (Kassetopname in besit van outeur.)

ICHTUS-COLLEGE. 1986. Contacten tussen de school en de leerlingen. Veenendaal.

JONES, A.J., STEFFLER, B. & STEWART, M.R. 1970. Principles of guidance. New York : McGraw-Hill.

JONGSMA, W. 1986. Mondelinge mededeling aan outeur. Veenendaal. (Kassetopname in besit van outeur.)

KONINKLIJKE PBNA. 1975. Studiegids opleidingen algemeen vormend onderwijs, MAVO/HAVO/VWO, vooropleidingen MBO/HBO, talen, pedagogiek MO-A. Arnhem : Gelderse Boekhandel.

KRUGER, H.B. 1974. Die terrein en metode van voorligting : A. Persoonlikheidsvoorligting. (Diktaat 67/74.) Potchefstroom : PU vir CHO, Departement Voorligting en Besonders Onderwys.

KRUGER, H.B. 1975. Beroepsleiding as opvoeding tot beroepsvolwassenheid. (Diktaat 73/75.) Potchefstroom : PU vir CHO, Departement Voorligting en Besondere Onderwys.

KRUGER, H.B. 1979. Die terrein en metode van voorligting : B. Die metodiek van opvoedkundige- en beroepsvoorligting. (Diktaat 2/79.) Potchefstroom : PU vir CHO, Departement Voorligting en Besondere Onderwys.

KRUGER, H.B. 1980. Algemene skoolvoorligting vir onderwysstudente. Pretoria : Butterworth.

LOERMANS, W. & WINKELS, J. 1986. Leerlingbegeleiding in de praktijk : Werken als leraar en als mentor. Alpen aan de Rijn-Brussels : Samsons.

MARNITZ, P.L. 1974. Volwaardige vennootskap in die onderwys. Onderwysblad , 81(847) : 24-25, 28, 35, Apr.

MINISTERIE VAN ONDERWIJS EN WETENSCHAPPEN. (Nederland). 1985. Studiemogelijkheden in het wetenschappelijke onderwijs. s'Gravenhage : Staatsdrukkerij.

MINISTERIE VAN ONDERWIJS EN WETENSCHAPPEN. (Nederland). 1986a. Het Nederlandse Onderwijssysteem. Docinform nr. 331. s'Gravenhage : Zoetemeer.

MINISTERIE VAN ONDERWIJS EN WETENSCHAPPEN. (Nederland). 1986b. Kiezen na de basisschool. s'Gravenhage : Staatsdrukkerij.

MINISTERIE VAN ONDERWIJS EN WETENSCHAPPEN. (Nederland). 1986c. Kiezen na LBO en MAVO. s'Gravenhage : Staatsdrukkerij.

MINISTERIE VAN ONDERWIJS EN WETENSCHAPPEN. (Nederland). 1986d. Info 1 : Hoger beroepsonderwijs. s'Gravenhage : Staatsdrukkerij.

MINISTERIE VAN ONDERWIJS EN WETENSCHAPPEN. (Nederland). 1986e. Info 7 : Opleidingen in de gezondheidszorg. s'Gravenhage : Staatsdrukkerij.

MINISTERIE VAN ONDERWIJS EN WETENSCHAPPEN. (Nederland). 1986f. Info 8 : Opleidingen in techniek. s'Gravenhage : Staatsdrukkerij.

MURO, J.J. 1970. The counselor's work in the elementary school. Scranton : International Textbook.

NEL J. DU P. 1981. Voorligting aan die senior leerlinge van die primêre skool. Potchefstroom. (Verhandeling (M.Ed.) - PU vir CHO.)

NIEUWENHUIS, F.J., WEIDEMAN, B.P. & DE KLERK, J.T. 1984. Skoolvoorligtingstelsels in die RSA. RGN : Pretoria. (Verslag O - 158.)

O'MAONAIGH, S. 1986. Mondelinge mededeling aan outeur. Amsterdam. (Kassetopname in besit van outeur.)

PELSER, F.C. 1989. Mondelinge mededeling aan outeur. Potchefstroom. (Aantekeninge in besit van outeur.)

PERE, H.M. & SANDERS, L.F.J. 1985. Lexicon beroepen. Utrecht : Spectrum.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1976a. Skoolvoorligting in Nederland. Pretoria. (Verslag nr. 0-46.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1976b. Skoolvoorligting in Ontario, Kanada. Pretoria. (Verslag nr. 0-48.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1976c. Skoolvoorligting in Skotland. Pretoria. (Verslag nr. 0-50.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1976d. Skoolvoorligting in die V.S.A. Pretoria. (Verslag nr. 0-49.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1976e. Skoolvoorligting in Wes-Duitsland. Pretoria. (Verslag nr. 0-47.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1976f. Skoolvoorligting in België. Pretoria. (Verslag nr. 0-51.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1978. Skoolvoorligting : beginsels en metodes. Pretoria. (RGN voorligtingsreeks VR-1.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981a. Onderwysvoorsiening in die RSA. Pretoria. (Verslag aan die Hoofkomitee.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981b. Voorligting. Pretoria. (Verslag van die Werkkomitee : voorligting.)

RGN
kyk
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.

SCHUTTE, P.M.B. 1988. Die voogstelsel in die praktyk. Streekkursus in beroepsleiding in sekondêre en spesiale skole : lesing nr. 3, April 1988. Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

SHAW, M.C. 1973. School guidance systems : objectives, functions, evaluation and change. Boston : Houghton Mifflin.

SONNEKUS, M.C.H. & FERREIRA, G.V. 1979. Die psigiese lewe van die kind in opvoeding. Stellenbosch : Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars.

STEYN, H.J. 1980. Opvoedkundige leiding in die primêre skool. Simposium vir nuut-aangestelde hoofde van primêre skole, 8-12 September 1980. Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

STEYN, H.J. 1984. Voorligting : 'n breë perspektief. Simposium 16-18 Julie 1984. Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

STEYN, H.J. 1985. Samewerking tussen die skool, onderwyshulpsentrum en kinderleidingkliniek : 'n multiprofessionele benadering. Lesing nr. 9. Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

STEYN, H.J. 1986. Riglyne vir die implementering van beroepsleiding deur die onderwysadviseur : loopbaanaangeleenthede en die opvoedkundige sielkundige : beroepsvoorligting. Simposium : 14-16 Julie 1986. Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

STICHTING BEGELEIDINGSCENTRUM GEREFORMEERD SCHOOLONDERWIJS. 198?. Informatie over Stichting Begeleidingscentrum Gereformeerd Schoolonderwijs. Ambacht.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1967. Wet op Nasionale Onderwys beleid. (Wet 39 van 1967). Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1983. Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria : Staatsdrukker.

TOD
kyk
TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TOLBERT, E.L. 1980. Counseling for career development. Boston : Houghton Mifflin.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1983. Omskrywe 1 van 1983. Sielkundige en voorligtingsdiens. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1984. Omskrywe 20 van 1984. Sielkundige en voorligtingsdiens. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986. Die beroepsvoorligtingsprogram in die sekondêre skool. Pretoria : Staatsdrukker.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1988. Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Desember 1988. Pretoria : Publikasie en Taaldiens.

TRANSVAAL (Provinsie). 1984a. Buitengewone offisiële koerant, Mei 1984. Pretoria : Staatsdrukker.

TRANSVAAL (Provinsie). 1984b. Buitengewone offisiële koerant, 10 September 1984. Pretoria : Staatsdrukker.

VAN DER BRINK, J. 1986. Mondelinge mededeling aan outeur. Veenendaal. (Kassetopname in besit van outeur.)

VAN DER WALT, J.S. 1979. Skoolvoorligting : beginsels, tegnieke en toepassings. Johannesburg : McGraw-Hill.

VAN KEMENADE, J.A., LAGERWEIJ, N.A.J., LEUNE, J.M.G. & RITZEN, J.M.M. 1986. Onderwijs bestel en beleid 1 : Onderwijs in hoofdlijnen. Den Haag : Wolters-Noordhoff Groningen.

VAN LEEUEN, J.R. 1986. Mondelinge mededeling aan outeur. Veenendaal. (Kassetopname in besit van outeur.)

VAN NIEKERK, P.A. 1985. Die onderwyser en die kind met probleme. Stellenbosch : Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars.

VAN WALSUM, A.A.C. 1986. Mondelinge mededeling aan outeur. Amsterdam. (Kassetopname in besit van outeur.)

VERKUYL, L. & VESTERS, A.C. 1985. Elseviers Beroepen-Almanak : Handleiding voor school- en beroepenkeuze. 7de Editie. Amsterdam : Annoventura.